

WEPad Saam

GRATIS

Uitgawe 38 • Augustus | September 2016

Vroue op die plaas

Strenger toepassing van
diesel-rabatmaatreëls
deur SAID

2016-resultate
oortref weer alle rekords



**Fokus op
insethandel**

Wat maak jy met jou

Rykdom?



www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

vkb ntk

Drill • Cut • Sand • Fix

Ruwag... the Power to Create.



Precision Tools

Original Ruwag

Quality Guaranteed

Ruwag's proven range of power tool accessories offers you the best quality/price ratio available, and a complete A-Z solution in professional applications.



Ruwag... the Power to Create.

☎ 0861RUWAGT ✉ sales@ruwag.co.za 🌐 www.ruwag.co.za

INHOUD

5-7

2016-resultate oortref
weer alle rekords



Strenger toepassing van diesel-rabatmaatreëls
deur SAID

14-15

Uitgewer:
VKB en NTK

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:
Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:
Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

4	Voorwoord
5-7	2016-resultate oortref weer alle rekords
8	Opvolgbeplanning vir boere is baie meer as net lewensversekering
10-11	Wat maak jy met jou rykdom?
12	Besigheidsoerwoud
14-15	Strenger toepassing van diesel-rabatmaatreëls deur SAID
16-17	Plaasverkope in die Oos-Vrystaat
19	Promosie: Virbac
20-23	Dieregesondheid: Luise
24-25	Hoekom verkies meeste SA beesboere Voermol se proteïenlekkie?
26-27	Voorkom bloutong deur korrekte inenting
28-33	Vroue op plase
34-35	New Holland maak plaaswerk al hoe beter Fokus op insethandel
37-40	Bestuur kuiltvoer korrek vir die beste resultate
41-43	Beoefen bewaringslandbou met 'n goeie deklaag
44-47	Voëlafskrikking
48-51	Nu-Pro
52-53	Sakata: Kool
54-56	Wenke wat werk 4
57-60	Jou kind is toe nooit stout nie!
62-69	NTK-VKB Nuus
71	Wen met Die Pad Saam

28-33



Vroue op plase

Fokus op
INSETHANDEL



www.ntk.co.za

vkb ntk

57-60

Jou kind is toe nooit stout
nie!



Beoefen bewaringslandbou met
'n goeie deklaag

41-43



Augustusmaand is Vrouemaand. In hierdie uitgawe kyk ons dus na 'n paar vroue wat hul merk in die landboubedryf maak. Formidabele vroue, noem Delene Snyman hulle in haar artikel. Voorwaar. En dis maar net vier van die formidabele vroue met wie sy dié keer gesels het.

Geniet jou vrouwees

Daar is nog talle ander vroue wat meer as net hul eie skoene vol staan in 'n bedryf wat vir eeue reeds eintlik as 'n bedryf vir die manne beskou was, maar met hulle gesels ons weer in ander uitgawes.

Daarvan gepraat: Interessant tog dat daar in 2016 steeds beroepe en bedrywe is wat as manswêreld beskou word. Dat daar steeds sprake is van die glasplafon waarby vroue in die korporatiewe wêreld nié kan verbykom nie. Dat daar steeds in party werksomgewings 'n verskil is tussen die salarisse wat mans en vroue in dieselfde pos huis toe neem. Dit ten spyte daarvan dat miljoene vroue reeds bewys gelewer het dat hulle in baie posisies net so goed as 'n man kan vaar.

Gelukkig is daardie grense tussen die geslagte besig om te vervaag, want wanneer mense toegelaat word om hul talente uit te leef en hul vaardighede aan te wend, behoort geslag nie 'n rol te speel nie. Dit is immers tot die voordeel van die hele samelewing wanneer jy iemand het wat iets doen waarmee hulle goed is, en nie mense wat in 'n sekere pos geplaas word omdat die geslag van die persoon 'n rol speel nie.

Boonop is ons gelukkig om in 'n land te woon waar vroueregte wel erken word, waar vroue mág werk, mág motor bestuur, mág stem in 'n verkiesing – selfs in die parlement kan dien, waar 'n verkrachte vrou nie gestenig word omdat sy "buitehuwelikse seks" gehad het nie.

Ons is geensins "women's libbers" wanneer ons vra vir ons regmatige plek in die werksplek en in die gemeenskap nie. Inteendeel. Niemand van ons wil 'n kolonie stig waar nêr vroue woon en álles moet doen nie. Beslis nie! Want, kom ons erken dit nou maar vir eens en vir altyd: Dis lekker om 'n vrou te wees.

Dis lekker wanneer 'n man ons soos 'n vrou laat voel; ons nie tussen die blaaië klap wanneer hy ons groet soos wat hy met sy pelle maak nie; nie vuil grappe vertel omdat hy ons as "een van die boys" beskou net omdat ons saam werk of saam sport beoefen nie. Dis lekker as 'n man jou voor hom by 'n deur laat instap; terugstaan sodat jy eerste by 'n hyser kan in- of uitklim; vir jou die stoel uittrek in 'n restaurant, of opstaan om te groet wanneer jy 'n vertrek inkom. Dis lekker as die man in jou lewe vir jou vertel jy lyk mooi of jy ruik lekker, of oplet dat jy jou hare laat knip en kleur het, of jou komplimenteer met die ete wat jy gemaak het.

Dis lekker om 'n vrou te wees. Punt.

Maar Augustus is ook die maand waarin ons gerus maar kan uitreik na vroue wat onder bitter moeilike omstandighede baie hard werk om die volgende geslag groot te maak. Ek dink aan soveel enkelma's wat meer as een werk moet doen net om te sorg dat daar kos op die tafel en 'n broodjie in die kind se kosblik vir skool is; oumas wat hul kleinkinders moet grootmaak omdat die ouers hulle oorgegee het aan drank of dwelms of oorlede is aan vigs; vroue wat nooit in die posisie sal wees om hulleself net 'n bietjie te bederf met 'n besoek aan 'n haarsalon of 'n restaurant besoek vir koffie en koek saam met 'n vriendin nie – in wie se verwysingsraamwerk so 'n luukse nie eens bestaan nie. Daar is baie sulke vroue tussen en om ons. Baie van hulle laat nie blyk dat hulle in jare nog nie vir hulself iets mooi gekoop het nie – veral nie as dit iets is wat hulle sommer-net gekoop het omdat dit móóí is nie. Daar's baie wat te trots is om ooit te laat blyk dat hulle sukkel om die mas op te kom. In die wêreld se oë is hulle nie presteerders nie, en ontvang hulle nie pryse nie, maar hulle is steeds formidabele vroue.

My uitdaging – of moet ek liever sê pleidooi – aan vroue in ons gemeenskap is dus om in hierdie maand 'n vrou te identifiseer wat jy weet baie slegter daaraan toe is as jy, en vir daai vrou iets spesiaals te doen. Laat lewer 'n bos blomme af, of 'n sak kruidentersware, of gee vir haar 'n splinternuwe kledingstuk, of 'n fliedkaartjie, of neem haar vir koffie en koek, of gaan lewer jou gunstelinggereg by haar huis af vir haar en haar gesin vir aandete.

Een van die eienskappe waarvan God vir ons vroue so 'n bietjie meer gegee het as vir die meeste mans is empatie – daardie vermoë om jouself in 'n ander mens se posisie te plaas. Dink jouself in hierdie maand in die posisie in van 'n vrou wat 'n vriendin soos jy nodig het om haar weer in haarself te laat glo. Gee vir haar die geleentheid om deur jóú oë na haar te kyk sodat sy kan weet sy word bewonder vir wat sy regkry; vir wat sy doen om haar kinders groot te maak; vir wat sy doen om ander in die gemeenskap te help. Soms is dit al wat 'n vrou nodig het – om te weet daar is iemand anders wat weet waardeur sy gaan. Sy soek nie simpatie nie; sy soek net iemand wat begryp, iemand wat haar raaksien, iemand wat haar respekteer.


Geniet hierdie maand en geniet elke aspek van vrouwees!

Groetnis tot volgende keer.

Hannelie

2016- resultate

oortref weer alle rekords



VKB Landbou Groep is dankbaar dat die groep weereens rekordresultate kon oplewer vir die finansiële jaar geëindig op 31 Maart 2016. Hierdie resultate maak die VKB Groep waarskynlik die mees winsgewende van die tradisionele landboubesighede in Suid-Afrika vir die afgelope jaar. Hierdie resultate is moontlik gemaak deur die gebalanseerde prestasie van die groep se bedrywighede waar die tradisionele landboubesigheid sowel as die nywerhede baie goeie resultate gelewer het.

Die tradisionele landboubesigheid van VKB bly steeds die kernrede vir ons bestaan en lewer die stewige fondament waarop die groep kan bou. Met graanopberging en -hantering steeds een van die belangrikste bydraers tot die groep se inkomste, word VKB Landbou se resultate normaalweg tot 'n groot mate bepaal deur die grootte van die voorafgaande jaar se oes. Aangesien die weer gedurende die 2015-jaar oor 'n groot deel van ons bedieningsgebied relatief gunstig was, was die oes bogemiddeld. Die redelike oes tesame met die lojale ondersteuning van ons landbouprodusente in die Vrystaat en Limpopo, het alles bygedra tot die rekordresultate. Die geografiese diversifikasie van die groep het bygedra tot die goeie resultate met die NTK-area wat 'n uitstekende bydrae gelewer het tot die wins deurdat die groep gaandeweg marktaandeel herwin in die Limpopoprovinsie.

Bykans al ons bedrywighede was winsgewend gedurende die afgelope jaar en selfs die nuwer nywerhede het redelik presteer. Die feit dat die nywerhede 'n bydrae tot die resultate en nie afbreuk gedoen het aan die prestasie van ons landboubedrywe nie, maak hierdie die mees gebalanseerde prestasie van die groep tot dusver en hierdie gebalanseerdheid gee aanleiding tot die rekordresultate.

Landbou was die oorspronklike rede waarom die besigheid bykans 'n eeu gelede gestig is. Dit bly vandag nog die kernrede vir die VKB-groep se voortbestaan. Ons sekondêre doel is steeds om waarde toe te voeg tot die landbouprodukte wat in ons gebied geproduseer word sodat ons meer van die besteerbare inkomste van die verbruiker aan die landbouprodusent kan laat toekom. Hierdie strategiese visie bly die maatstaf waaraan ons aktiwiteite meet en waarvolgens ons strategiese investerings meet. Hierdie dryf het gedurende die jaar verdere momentum gekry en VKB se nywerhede het 630 000 ton graan deur sy meulens, voermeulens en oliepers verwerk.

Die uitvoering van hierdie visie het gedurende die jaar verder beslag gekry soos wat die struktuur van die groep gevorm word om hieraan uiting te gee. Ons het

gedurende die jaar ver gevorder met die strukturering van die groep in 'n beleggingsmaatskappy met twee beleggingsarms, naamlik VKB Landbou, waarin al die landboubedrywighede saamgegroeper is, en VKB Agri Processors, wat dien as houermaatskappy vir al die nywerhede. Die finale stap om die groep te herstruktureer het op 1 April 2016, die eerste dag van die nuwe finansiële jaar plaasgevind waarin die oorhoofse beleggingsmaatskappy tot stand gekom het.

Die landboubeen fokus op die voorsiening van landbouinsette, verskaffing van dienste en finansiering aan die produsente, en is gegroeper in twee divisies wat onder verskillende handelsname opereer, naamlik VKB Landbou en NTK Landbou. Die koöperatiewe kultuur waardeur ons onderneming homself in die verlede gedifferensieer het van ander landboubesighede sal steeds in die landboubeen voortleef.

In die tweede been word die nywerhede saamgegroeper en dit word op 'n meer korporatiewe basis bestuur om geleenthede in die landbouwaardeketting te benut tot voordeel van die aandeelhouers. Die langtermyn visie is om in hierdie been waarde te ontsluit op 'n meer korporatiewe basis soos die betaal van 'n markverwante dividend en die groei in waarde van die aandele.

Die 2016-someroes sal vir lank onthou word as een van die moeilikste landboujare ooit in menseheugenis en is bykans 'n wonderwerk gegewe die min reën wat geval het, en die oes sal beduidend kleiner wees as die 2015-oes, wat 'n negatiewe uitwerking op VKB se groeieresultate sal hê.

Die katastrofiese droogte veroorsaak dat landboukommoditeite se pryse vir die grootste gedeelte van die bemarkingseisoen sal verhandel teen invoerpariteit en gevolglik baie hoër sal wees as die vorige jaar. Ons wisselkoers fluktueer geweldig en dit verleen verder stukrag aan die reeds hoë graanpryse. Hoewel dit goeie nuus is uit 'n produsente-oogpunt, maak dit grondstowwe vir verwerking deur die nywerhede duur, en sal daar noodwendig ook druk op marges geplaas word. Die onbestendigheid in die pluimveebedryf sal ook die groep se resultate nadelig raak.

Die huidige jaar se droogte het ook 'n wesenlike impak op baie produsente se terugbetaalvermoë. Gevolglik verwag ons 'n komponent oorlaatskuld wat 'n negatiewe effek op ons bedryfskapitaalposisie sal hê. Ons eerste prioriteit egter bly om u, ons produsente te ondersteun.

Ons verwag dus gevolglik dat die komende jaar se resultate moontlik nie die huidige jaar se resultate sal ewenaar nie, maar ons is steeds vol vertroue en ook vol dankbaarheid vir die steun wat ons van ons produsente geniet.





5-Jaar-oorsig van groep

	2012 12 mde R'm	2013 12 mde R'm	2014 12 mde R'm	2015 12 mde R'm	2016 12 mde R'm
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE					
Verkope	3,052	4,043	8,795	9,645	11,140
Bedryfswins	142	180	326	390	489
Resultate van geassosieerdes	13	(1)	5	7	14
Finansieringskoste	(28)	(40)	(61)	(102)	(168)
Beleggingsinkomste	8	29	10	6	11
WINS VOOR AANSPORINGSKORTING	134	168	279	300	346
Aansporingskorting	(115)	(150)	(210)	(228)	(200)
WINS VOOR BELASTING	19	18	69	73	146
Belasting	(2)	5	62	(10)	4
WINS NA BELASTING	17	23	131	63	150
Aansporingskorting	115	150	210	228	200
Dividende verklaar			10	20	30
Dividendkoers			1.40%	2.28%	2.88%
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE					
Nie-bedryfsbates	510	676	892	1,113	1,532
Bedryfsbates	1,363	1,778	2,553	3,103	4,299
Totale bates	1,873	2,455	3,445	4,216	5,830
Aandelekapitaal	837	954	1,213	1,382	1,533
Reserwes	42	52	182	228	371
Totale ekwiteit	879	1,007	1,395	1,610	1,904
Minderheidsbelang	(1)	(9)	(14)	(10)	92
Nie-bedryfslaste	125	230	313	394	373
Bedryfslaste	870	1,227	1,751	2,222	3,461
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	1,873	2,455	3,445	4,216	5,830
WINGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT					
Opbrengs op totale bates	9%	8%	10%	10%	9%
Opbrengs op aandeelhoudersbelang	15%	17%	20%	19%	18%
Bate omsetsnelheid (aantal keer)	1.93	2.04	3.65	2.69	2.23
Bedryfswins as % van inkomste	5%	4%	4%	4%	5%
SOLVENSIE EN LIKIDITEIT					
Eie kapitaalverhouding	47%	41%	41%	38%	33%
Totale bates tot totale laste	1.88	1.68	1.67	1.61	1.52
Rentedekking (aantal keer)	5.80	5.23	5.57	3.93	3.06
Bedryfskapitaalverhouding	1.57	1.45	1.46	1.40	1.24
Vuurproefverhouding	1.25	1.18	1.11	1.02	0.85

Nota

Verhoudings is verwerk na 12 maande waar van toepassing.

Vanaf 1 April 2013 besit VKB 100% (voorheen 50%) van NTK en van daar die weselike styging in die 2014-syfers.



vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za

AANSPORINGSKORTING-MODEL

bied talle voordele

VKB Landbou (Edms.) Beperk was weereens geseën met 'n besondere jaar, sê mnr. Markus Mittermaier, finansiële direkteur van die VKB Groep. Die VKB Groep sluit die jaar op 31 Maart 2016 af op 'n wins voor aansporingskortings en belasting van R346 miljoen en dit oortref alle vorige rekords. Die besluit om in die landbouwaardeketting te integreer, het positiewe resultate begin realiseer. Ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande het die gevestigde landboubesigheidseenhede hulle goeie prestasie voortgesit. Die sinergieë tussen die landbou en die industrieë het ook bygedra tot hierdie rekordwins. Ongekende lojaliteit van ons produsente en 'n doelgerigte strategie wat nagevolg word, is alles faktore wat bygedra het tot hierdie resultate.

VKB se unieke aansporingskortingsbeleid maak van die besigheid 'n voorkeurverskaffer in ons bedieningsgebied. 'n Wesenlike deel van die jaar se verdienste is, soos in die verlede, as aansporingskortings gedurende die oorsigjaar aan ons klante toegeken. Hoewel die korting van boer tot boer verskil, is daar die afgelope vyf jaar R903 miljoen se aansporingskortings verklaar. In die finansiële jaar wat geëindig het op 31 Maart 2016 is R200 miljoen se aansporingskortings toegedeel en R30 miljoen se dividende betaal," sê Mittermaier. Die R200 miljoen aansporingskorting is gebaseer op elke klant se ondersteuning en deelname aan die bedrywighede die afgelope jaar, terwyl die R30 miljoen dividend verklaar is op grond van die aantal klas 2 voorkeuraandele op 31 Maart 2016.

Die aansporingskorting wat die boer ontvang, hang ook af met watter afdeling in VKB hy sake gedoen het. Die verdeling van die aansporingskorting per afdeling word hieronder uiteengesit. Ons is oortuig dat hierdie model steeds die mees effektiewe waarde-ontsluitingsmeganisme is wat op 'n gebalanseerde basis die behoeftes van die maatskappy en sy klante aanspreek.



		2016	2015
Aansporingskortings verklaar (Miljoen)		R 200	R 228
Kontant %		10%	15%
Dividende verklaar (Miljoen)		R 30	R 20
Dividendkoers %		2.88%	2.28%
GRAANLEWERINGS			
R per ton gelewer			
Mielies		R 54	R 48
Koring		R 100	R 175
Sonneblom		R 182	R 113
Sojabone		R 71	R 86
Graansorghum		R 92	R 0
GRAANBEMARKING			
R per ton bemark			
Bemark		R 33	R 54
KOMMERSIEEL			
% van omset/premie/rente			
Handel	Gemiddelde % van omset	5.04%	2.42%
Meganisasie	Gemiddelde % van omset	0.19%	1.09%
Insethandel	Gemiddelde % van omset	2.28%	2.89%
Finansiering	Gemiddelde % van rente betaal	10.87%	13.64%
Beleggings	Gemiddelde % van rente ontvang	7.12%	8.84%
Versekering	Gemiddelde % van premies betaal	5.79%	7.60%

Hy verduidelik die kortingmodel as volg: As 'n boer by VKB aansluit, ontvang hy 5 000 aandele in die maatskappy teen R5 000. Hierdie aandele kan nie verhandel word nie en bly in die boer se besit totdat hy te sterwe kom of totdat hy as lid van VKB bedank, waarna hy sy R5 000 terugkry. Van die jaarlikse korting word ongeveer 10% in kontant uitbetaal.

Die oorblywende 90% word gebruik om vir die boer voorkeuraandele of skuldbriewe in die maatskappy uit te reik. Daardie voorkeuraandele/skuldbriewe is aflosbaar na 15 jaar. "Dit beteken dat 'n boer vir homself 'n stewige neseier kan opbou deur met die maatskappy sake te doen," sê hy.

Opvolgbeplanning vir boere is baie meer as net lewensversekering

Boere wie se boedelbeplanning daarop fokus om seker te maak dat hulle landboukundige erfenis deur hul kinders voortgesit word, moet die manier waarop hulle vir die toekoms voorberei krities ondersoek. Om op 'n enkele finansiële oplossing staat te maak om finansiële middele te verskaf sodat familie 'n plaas as 'n lopende onderneming kan erf, sal nie die paal haal nie, sê Errol Meyer, senior bestuurder by Standard Bank se raadgewende proposities. "Opvolgbeplanning gaan daaroor om die voordele en korrekte struktuur van verskeie finansiële oplossings te verstaan en om 'n omvattende finansiële plan te hê."

"Bowenal gaan suksesvolle beplanning en die vermyding van slaggate daaroor om raad van verskeie bronne in te win en die insette te kombineer om by 'n bruikbare boedelplan uit te kom. Die probleem, volgens tradisie, is dat verskeie professionele mense hul insette aan boere lewer. Wanneer die finansiële raad van dié bronne gekombineer word, is die uitkoms nie altyd bevredigend nie omdat elkeen 'n beperkte perspektief oor opvolgbeplanning het en slegs die produkte tot hul beskikking toepas wat ooreenstem met die boer se navraag.

"Die klem is nou daarop om dié mense te laat sáám werk. By Standard Bank beteken dit die bankier wat krediet aan 'n boer toestaan, die boedeldeskundige wat 'n testament beredder én die finansiële beplanner.

"Die span se doelwit is om te verseker dat wanneer die boer afsterf, die plaas se sake korrek gestruktureer is sodat die boedel – en derhalwe die familie – in die beste moontlike posisie is sodat krediet toegestaan word sodat die plaas kan voortgaan om handel te dryf en likiditeit het om voort te gaan. Die uitkoms moet wees dat opvolgplanne geïmplementeer kan word en dat alle familieleden daaruit voordeel trek." Om op lewensversekering staat te maak wat in die boedel inbetaal word, kan plaasskuld vereffen, maar die vraag van boedelbelasting en kapitaalwinsbelasting kan sy nare kop uitsteek, met die gevolg dat tot 25% van die boedel se waarde gekompromitteer kan word.

Boere moet die volgende bevraagteken:

Die rol van lewensversekering en die polisbegunstigdes

Die goedkoopste manier om likiditeit te skep is deur polisse wat, indien dit korrek gestruktureer is, kan help om erfporsies, SAID en bankskuld te betaal. Die werklike vraag is waar die betaling moet berus. Die mees ooglopende antwoord – dat die gade die begunstigde moet wees – is dikwels nie die beste oplossing nie. Dikwels moet die begunstigde 'n maatskappy wees.

"Die boer het een kans om fondse iewers te laat gedy: in 'n boedel, 'n trust of 'n maatskappy. Om die fondse deur 'n besigheid beskikbaar te hê, beteken krediteure kan betaal word, lenings kan afbetaal word, of dit kan gebruik word tot voordeel van die aandeelhouders. Kontant kan in die boedel inbetaal word om boedelbelasting te betaal."

Die rol van 'n trust – steeds een van die gewildste vorme van boedelbeplanning

"Hoewel 'n trust die antwoord vir boedelbelastingprobleme bly, kan die spel verander. In plaas daarvan om heffings met afsterwe te vermy, moet die klem daarop wees om aanspreeklikheid te bereken en seker te maak dat dit aangespreek word en die familie kan voortgaan. Trusts, en veral transaksies soos rentevrye leningsrekeninge wat deur 'n trust onderneem word, kom aansienlik meer in SAID se kollig," sê Meyer.

"Buiten dat 'n trust besparings op boedelbelasting bied, is daar ook baie administrasie daaraan verbonde. Om bates in 'n trust te kry kan slegs gedoen word deur middel van leningsrekeninge of donasies – wat belasbaar is. Bykomend kan trusts onbewustelik familiekonflik veroorsaak."

Die rol van uitfree-annuïteite (UA) as vorm van beplanning

"'n Uitfree-annuïteit het bykomende voordele vir boere en is nie net 'n werktuig vir aftrede nie, maar kan gesien word as 'n alternatief vir 'n trust. 'n Trust se primêre funksie is om voordele vir begunstigdes te administreer. 'n UA se funksie is om voordele vir afhanklikes te verskaf – en is dus 'n trust in eie reg met die hoofvoordeel dat dit belastinggoedkeuring het, belastingeffektief is en voordele het. Fondse akkumuleer in 'n UA en word nie belas nie, dus is daar geen kapitaalwinsbelasting, geen belasting op dividende op aandele waarin die UA belê is nie, en geen inkomstebelasting nie.

"Omdat 'n gade 'n afhanklike ingevolge 'n UA is, moet sy deur pensioenfondstrustees in ag geneem word. Daar moet aan haar onderhoudsbehoefes voldoen word en haar inkomste word teen krediteure beskerm. Die voordeel is dat likiditeit geskep word. Bowenal, wanneer iemand in 'n UA belê, kwalifiseer hy of sy vir 'n belastingafrekkings teen inkomste van tot 27,5%," beklemtoon Meyer.

Hoe opvolgbeplanning regverdig kan wees vir alle afstammeling

"Opvolgbeplanning gaan oor finansiële beplanning, boedelbeplanning en welvaartbeplanning wat gekombineer word – veral belangrik wanneer 'n boer sy boedel tussen meer as een kind wil versprei. Bowenal moet opvolgbeplanning nie oor geld gaan nie, maar oor mense. Ongeag die waarde van die boedel is daar baie faktore wat in ag geneem moet word."

Menige boere neig om die plaas aan die enigste seun oor te laat. Punte waaroor goed nagedink moet word, is:

- Om die gade se toekoms te verseker deur middel van lewensreg wat haar sal verseker van die reg om op die plaas te woon en ook uit die inkomste voordeel te trek, plaas 'n finansiële las op die kind wat met die boerdery voortgaan. As die boerdery-onderneming misluk, kan die gade haar sekuriteit en toekoms verloor.
- Die boer se seun moet sy broers en/of susters uitbetaal vir hulle deel van die plaas, wat hom 'n terugslag gee tot op die punt waar die skuld wat hy moet aangaan die plaasbedrywighede onder druk plaas.

"Onthou, hoewel die plaas aansienlike waarde mag hê, neem die seun wat die land erf ook 'n kostestruktuur en die risiko's op homself. Daarom kan daar vir 'n dogter voorsien word deur middel van 'n erfporsie wat kleiner kan wees, maar waaraan geen risiko verbonde is nie."

Om die plaas se grootte uit te brei deur meer grond te verkry is nie altyd 'n gesonde strategie nie

"'n Boer sal gewoonlik beskikbare fondse bestee deur meer grond te koop. Dit mag dalk die waarde van die plaas verhoog, maar ook die belastinglas eskaleer. Hierdeur word likiditeit wat vir boedelbeplanning gebruik kan word, geabsorbeer.

"Opvolgbeplanning gaan uiteindelik oor mense en die toekoms, en in 'n mindere mate oor geld. Om seker te maak dat toekomsplanne finansiële beplanning, boedelbeplanning én welvaartbeplanning insluit om alle moontlike toekomstige scenario's saam in ag te neem, is van die belangrikste take van die boer," is Meyer se gevolgtrekking.

Kontantvloei oplossings van die plaas tot die meule

Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business



**Standard
Bank**

Voluit Vorentoe™

Wat maak jy met jou rykdom?

deur dr. Philip Theunissen

In die Amerikaanse media is dit alombekend dat 1% van hulle bevolking 40% van die nasie se rykdom besit. Wat nie so algemeen bekend is nie, is dat ongeveer die helfte van die rykste Amerikaners bykans al hulle rykdom geërf het. Die res van die hardwerkende burgers beny gewoonlik diegene wat met die goue lepel in die mond gebore word. In hulle oë hoef hierdie mense nie te werk nie en hoef hulle ook nooit bekommerd te wees dat hulle genoeg geld sal hê nie.

Die mens het in sy natuurlike aard 'n swakheid om homself sy lewe lank af te sloof sodat sy nageslag beter daaraan toe kan wees as wat hyself is. Dit mag egter wees dat die nageslag net sowel bederf kan raak as hulle te veel erf. Miskien is diegene wat dit doen bewus van die impak wat 'n groot erflating op hul kinders se lewe kan hê maar terselfdertyd is die nalating juis die inspirasie wat hulle nodig het om rykdom bymekaar te maak.


Die boonste laag

Die webwerf, Investopedia, beskryf 'n sogenaamde "High Net Worth Individual", of dan 'n Hoë Netto-waarde Individu (HNWI) as 'n persoon of familie met likiede bates van meer as \$1 miljoen. Dié waarde sluit nie vaste bates soos eiendom in nie, maar is net dit wat binne enkele dae in kontant omgesit kan word.


Wanneer hierdie waarde rondom \$5 miljoen is, word daar na 'n "mid-HNWI" verwys terwyl 'n persoon of familie met likiede bates van meer as \$50 miljoen as 'n "ultra-HNWI" bekend staan. 'n Belegger met minder as \$1 miljoen maar meer as \$100 000 is welgestel, of dan 'n "sub-HNWI". In Randwaade sal 'n sub-HNWI likiede bates van R1,5 miljoen hê, 'n gewone HNWI dan R15 miljoen, 'n mid-HNWI R75 miljoen terwyl 'n ultra-HNWI likiede bates van ten minste R750 miljoen het.

Die *World Wealth Report*, wat deur Capgemini uitgegee word, bepaal jaarliks hoeveel HNWI's daar in die wêreld is en wat hulle werd is. Die aantal HNWI's en hul verspreiding verskyn in Grafiek 1. Volgens Grafiek 1 is daar in totaal 15,4 miljoen HNWI's in die wêreld en groei die getal jaarliks met 4,9%. Die grootste aantal HNWI's, naamlik 5,1 miljoen, kom in Asië en die Pasifiese streke voor terwyl daar slegs 200 000 in Afrika is. Noord-Amerika en Europa het onderskeidelik 4,8 miljoen en 4,2 miljoen HNWI's. Die *World Wealth Report* dui ook die 15,4 miljoen HNWI's volgens die verskillende grade van rykdom aan. Hierdie onderverdeling verskyn in Grafiek 2.

GRAFIEK 1: HNWI POPULASIE VOLGENS STREKE



GRAFIEK 2: SAMESTELLING VAN HNWI'S



Grafiek 2 dui aan dat daar 145 200 ultra-HNWI's, of dan miljardêrs, in die wêreld is. Hoewel dit net 0,9% van die totale aantal HNWI's in die wêreld is, besit hulle 34% van die totale likiede bates van al die HNWI's. Die mid-HNWI's beloop 9% van die totale aantal HNWI's en besit 23% van die likiede bates terwyl die gewone HNWI's, of dan miljoenêrs, 90% uitmaak maar gesamentlik 43% van die totale aantal HNWI's se likiede bates besit.

In die algemeen het hierdie welvarende mense hulle rykdom op die oudmodiese manier bymekaar gemaak: hulle het dit verdien! Hulle sukses is meestal gebou op goeie waardes en karakter. Dit is gewoonlik ook hierdie waardes en karaktereienskappe wat hulle graag in hulle kinders wil sien, naamlik integriteit, harde werk, spaarsamigheid, diens aan ander, dissipline, eerlikheid, ensovoorts.

'n Ander siening

Ons kan almal aan voorbeelde dink van flambojante mense wat ryk by sulke HNWI's geërf het en hoog lewe maar wie se bedenklieke morele standaarde om al die verkeerde redes die nuusblaaië haal. Ten spyte hiervan beskou ryk families dit meestal as 'n voorreg om in 'n posisie te kan wees waar hulle oorgenoeg rykdom aan die volgende geslag kan oorlaat. In baie gevalle skep hierdie geërfde rykdom egter meer probleme as voordele, al was die erflater se motiewe hoe goed bedoel. In 'n ruimer sin moet welvaart eerder ook in nie-materiële middele gemeet word wat rekenskap van die kwaliteit van welvaart, eerder as die kwantiteit daarvan, kan gee.

In sy boek, *Family Wealth*, bevind James E. Hughes, Jr. dat die meeste HNWI's baie tyd spandeer om hulle rykdom vir die nageslag voor te berei, maar glad nie die nageslag voorberei om die rykdom te kan voortsit nie. Hughes het wêreldwyd na HNWI-families gesoek wat die rykdom van hul voorsate suksesvol kon onderhou. Hy het twee sleutelemente by sulke families geïdentifiseer: eerstens definieer hulle rykdom nie net in finansiële terme nie en tweedens neem hulle op 'n ander manier besluite rondom hulle rykdom. Families wat hul rykdom suksesvol oor geslagte heen kon laat voortduur, het 'n baie wyer definisie van welvaart. Hulle neem beide finansiële en nie-finansiële faktore in ag en omskryf rykdom uiteindelik as 'n kombinasie van vier tipes kapitaal:

Menslike kapitaal: Dit is die unieke bydrae wat 'n lid tot die beskerming en uitbouing van die familie se welvaart kan lewer. Dit is dus die mate waarin so 'n lid rentmeesterskap van die familie se welvaart aanvaar eerder as om aanspraak op 'n deel daarvan te maak.

Intellektuele kapitaal: Hoewel akademiese opleiding beslis 'n bydrae kan lewer, gaan dit ook oor vaardighede en lewenservaringe wat tot voordeel van die familie se nalatenskap aangewend kan word.

Sosiale kapitaal: Dit is hoe die familie ten toon stel waarvoor hy staan, wat sy waardes is en hoe hy verantwoordelikheid vir sy besluite aanvaar, veral teenoor partye met wie die familie besigheid doen.

Finansiële kapitaal: Dit is die vermoë om effektiewe bestuursbesluite en investeringstrategieë rondom die finansiële bates van die familie te kan implementeer.

Nalatenskap

Ten spyte daarvan dat die huidige generasie wêreldwyd waarskynlik die rykste mense is wat nog ooit bestaan het en die mees ondenkbare tegnologiese toerusting en luukse besit, dink ons almal dat ons steeds gelukkiger sal wees as ons nog meer daarvan kan kry. By implikasie beteken dit dat ons voorgeslagte, met dit wat hulle besit het, waarskynlik baie ongelukkig moes gewees het! Dit is nou as welvaart in sy eng vorm gedefinieer word. Maar geld alleen is 'n illusie en het nie 'n absolute waarde van sy eie nie. Die mens gee aan geld 'n waarde, geld bepaal nie die mens se waarde nie. Jou eie waardes moet reeds vooraf gedefinieer wees om aan geld die waarde te gee wat dit het. Geld bevestig uiteindelik net wie en wat ons reeds is. Dit is dus logies dat ons ons finansiële waardes in lyn met ons persoonlike waardes moet bring om ons eie rykdom te kan definieer. As ons in harmonie met ons omgewing en in harmonie met ons medemens leef, sal ons uiteindelik in harmonie met ons geld ook leef. Dan alleen sal familiewelvaart oor geslagte heen beskerm en uitgebou kan word.

Die toer deur die Besigheidsoerwoud begin...



Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek.

'n Dekade gelede het ek die voorreg gehad om Taiwan te besoek en het ek waardevolle lesse daar geleer. Taiwan het my geweldig beïndruk omdat hulle in slegs dertig jaar verander het van 'n blote bestaanseconomie tot 'n hoogs mededingende land in die globale omgewing. Tydens my verblyf in Taiwan het ek verskeie besigheidseienaars ontmoet en ongelooflike besigheidsfilosofieë geleer.

Een van my gunsteling filosofieë wat ek in Taiwan geleer het, is hoe hulle hul kinders leer om risiko te hanteer en finansiële onafhanklik te word. Hulle het die volgende gesegde: "Eerder die nek van 'n hoender as die stert van 'n os." Dit beteken jy moet sorg dat jy nie maar net 'n werker in 'n groot maatskappy is nie, maar eerder jou eie ding doen.

Die stert van 'n os is natuurlik nie die plek waar jy wil wees nie en dit is soos om maar net vir 'n groot maatskappy te werk! Die nek van 'n hoender is 'n gevaarlike plek om te wees, maar dit bied die geleentheid om jou eie persoon te word en jou eie besigheid te begin.

Ek het baie van die Taiwanees en Chinese sakefilosofieë in die media gedeel en die besigheidsredakteur van die *Argus*-koerant in Kaapstad het my uitgedaag om filosofieë en idioome vir die verduideliking van besigheidslesse te begin gebruik wat meer eie is aan Afrika.

Ek het die uitdaging aanvaar en 'n artikel geskryf waar ek die wildebees van Afrika vergelyk het met die wildehonde van Afrika. Ek het na die wildebees verwys as die sogenaamde komiteelede wat in komiteevergaderings sit, soos wat algemeen in groot burokrasieë aangetref word. Daardie vergaderings waar jy van vergadering na vergadering beweeg, maar niks gebeur ooit rêrig nie!

Hierdie beeld is vergelyk met die wildehond, die suksesvolste jagter in Afrika, wat die belangrikste les vir entrepreneurs, naamlik dat jy jagter én prooi is, ken. In besigheid jag jy nie net nie, maar word ook voortdurend géjag deur mededingers.

Die oorweldigend positiewe reaksie op hierdie artikel het aanleiding gegee tot 'n reeks analogieë uit die natuur en wildslewe wat ek geskep het om belangrike besigheidslesse oor te dra. Hierdie analogieë vorm die basis van my boek *Besigheidsoerwoud*.

Om die wêreld van entrepreneurs te verstaan, is op sig self 'n wonder. Om die natuur en die lesse wat daaruit geleer kan word, te verstaan, is 'n soortgelyke wonder. Die vermoë om die verband tussen die wêreld van entrepreneurs en die natuur te verstaan, skep 'n soort super-wonder.

Net soos die natuur, openbaar die mens verskillende gedragpatrone in verskillende omstandighede. Gedrag is gebaseer op veranderende stimulus van die omgewing, asook van binne onself, soos ons leer om dinge te doen. Gedrag kan gebaseer wees op blote oorlewingsinstink, asook 'n diepliggende behoefte om meer te wees, om te floreer. Om koning van die oerwoud te wees. Die impak van voorsate of gene, kan ook 'n invloed hê op die manier wat diere en mense dink en handel.

'n Luiperd wat jag sal onmiddelik gaan stilstaan as 'n potensiële prooi gewaar word. Deur ervaring sal die luiperd weet hoe die spesifieke prooi sal reageer as dit gejag word en die aanval dienooreenkomstig beplan. Deur dinge te probeer en selfs foute te maak, leer entrepreneurs ook om hulle besigheidstalente op te skerp. Diere wat in 'n span jag, soos die wildehonde van Afrika, sal spanwerk benut om sukses te verseker. Spanwerk is ook belangrik in besigheid.

Kom ons begin ons toer deur die besigheidsoerwoud met die belangwekkende super-sintuie van diere. Sintuie wat verder strek as normale menslike sintuie waarvan meeste van ons ons deeglik bewus is. Sintuie wat ons verbeelding kan aangryp en ons waarskynlik anders laat dink oor onself as entrepreneurs.

Met hierdie reeks verken ons ook die natuur se beplanningsiklusse en hoe die oorlewing van die sterkste 'n nuwe betekenis verkry wanneer die natuur vir ons leer dat dit nie altyd die sterkste is wat die swakste klop of die grote wat die kleintjie verslaan nie, maar dikwels die vinnige wat die stadige klop. Vinnig van gedagte sowel as liggaam, soos wat Bill Gates tereg opgemerk het: "Besigheid vind teen die spoed van 'n gedagte plaas."

VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



JSE	JSE	JSE
17,00 ▲ 0,23	86,00 ▼ 0,99	

Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering. **Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.** Santam. Regte, egte versekering.





Strenger toepassing van **diesel-rabatmaatreëls** deur SAID

Die Suid-Afrikaanse Inkomstedienste (SAID) is tans besig om boere se diesilverbruik stip dop te hou. Dit blyk uit die feit dat daar nou veel meer diesel-oudits as in die verlede gedoen word. Dit wil dus voorkom asof die SAID die rabatreëls nou nog strenger gaan toepas.

deur Conrad Badenhorst (Landbou-ekoonoom)

Die doel van hierdie artikel is om net weer die geheue te verfris rakende wie, waarvoor en hoe om diesel terug te eis sonder om in slaggate te trap.

Boerdery is 'n kwalifiserende aktiwiteit onder die Dieselterugbetalingskema en maak gebruik van die BTW-stelsel om die dieselrabat terug te eis. Vanaf 1 April 2016 kry die produsent R2,62 terug op 80% van sy toelaatbare diesilverbruik. Dit beteken die produsent kry tans R2,096/liter van sy toelaatbare diesilverbruik terug. Die vraag het egter ontstaan: Wat word as toelaatbare en nie-toelaatbare diesilverbruik deur wetgewing beskou?

Toelaatbare dieseleis

- Diesel wat primêr gebruik word vir alle boerderyproduksie-aktiwiteite;
- diesel wat verbruik word vir die vervoer van boerderyprodukte na enige plek toe (byvoorbeeld graan na die silo's);
- diesel wat verbruik word vir die vervoer van boerderybenodighede vanaf enige plek tot op die plaas; en
- diesel wat gebruik word vir pompe en kragopwekkers.

Daar word in die wet onderskeid getref met betrekking tot vervoer en kontrakteurswerk tussen 'n droë en nat basis. Die droë basis is wanneer die boer diesel aan die kontrakteur verskaf en waar die dieselrabat wel geëis kan word vir die diesel wat gebruik is. Die nat basis is wanneer die kontrakteur self die diesel verskaf en die boer daarvoor gefaktureer word. In dié geval mag daar dus nie diesel teruggeëis word nie.

Nie-toelaatbare dieseleis

- Diesel wat gebruik word vir die vervoer van arbeiders van een plaas na die volgende;
- diesel wat gebruik word vir die vervoer van arbeiders van en na hulle huise;
- diesel wat gekoop is om weer te verkoop;
- diesel wat gebruik word deur 'n kontrakteur indien die kontrakteur self die diesel voorsien;
- diesel wat gesteel is;
- diesel wat gebruik word vir alle ander aktiwiteite wat nie vir die primêre boerderyproduksie gebruik word nie; en
- wanneer 'n boerderybedryf en 'n vervoerbesigheid as een entiteit bedryf word, mag die diesel wat gebruik word vir die vervoerbesigheid nie geëis word nie.

Registers van diesel

Baie belangrik is die feit dat diesel slegs geëis kan word op verbruik en glad nie op aankope nie. Dit is

daarom van uiterste belang dat die boer 'n register moet byhou om te kan bepaal hoeveel van sy totale sy diesilverbruik is vir primêre boerderyproduksie en wat vir privaat gebruik was. Indien SAID 'n diesel-oudit versoek en die nodige dokumentasie kan nie verskaf word nie, kan 'n regstelling gemaak word deur SAID, wat boetes en rentes tot gevolg kan hê.

Die SAID-amptenaar gaan onder andere die volgende ondersteunende dokumente benodig:

- Nommer en datum van alle aankoopfakture wat in die naam van die boer is met sy BTW-nommer daarop;
- aantal liters gekoop;
- die verskaffer se naam en besigheidsadres;
- datum van aflewering; en
- 'n register wat duidelik aantoon hoeveel liter diesel in die toepaslike maand verbruik is.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat wanneer diesel op die VAT-201 geëis word, moet die opgawe teen die 25ste van die daaropvolgende maand ingedien word, al word die opgawe ingedien en betaal deur middel van die e-filing-stelsel.

Die voorraadregister

Die register moet volgens SAID-voorskrifte bygehou word. SAID vereis dat daar 'n register bygehou word vir elke dieseltank op die plaas wat in gebruik is, asook 'n afsonderlike register vir elke voertuig, trekker, masjien, ensovoorts wat gebruik maak van die grootmaat diesel. Die volgende moet in die grootmaaddieseltankregister aangeteken word:

1. Die opening-meterlesing wat bestaan uit:
 - die datum; en
 - die opening-hoeveelheid liter diesel in die tank.
2. Die aankoopkwitansies wat bestaan uit:
 - die faktuurnommer;
 - die datum waarop diesel ontvang is; en
 - die hoeveelheid liter diesel ontvang.
3. Meterlesing voor verbruik wat bestaan uit:
 - openingbalans plus ontvangste.
4. Verbruik wat bestaan uit:
 - die datum;
 - liters verbruik en vermors;
 - beskrywing van voertuig met registrasienommer; en
 - waarvoor diesel gebruik word en sê of dit eisbaar of nie-eisbaar is.

5. Meterlesing ná verbruik wat bestaan uit:

- openingbalans plus ontvangste minus verbruik.

Die logboek

Die volgende moet in elke voertuig se register aangeteken word:

1. Ontvangs van grootmaat dieseltank wat bestaan uit:
 - die datum waarop diesel ontvang is;
 - die nommer van die stooreenheid waaruit diesel ontvang is; en
 - hoeveelheid liter diesel ontvang.
2. Dieselgebruik wat bestaan uit:
 - tipe voertuig of masjien;
 - openingbalans van diesel in die voertuig of masjien;
 - voertuig se registrasienommer of masjien se reeksnommer;
 - openingkilometerlesing, uurmeter of enjin-ure;
 - afsluitingkilometerlesing, uurmeter of enjin-ure;
 - totale kilometerlesing, uurmeter of enjin-ure gebruik; en
 - totale hoeveelheid diesel verbruik (liter).
3. Balans ná gebruik bestaan uit:
 - ongebruikte balans van diesel in die voertuig of masjien.
4. Doel van verbruik bestaan uit:
 - spesifieke misbare aktiwiteit verrig;
 - nie-eisbare aktiwiteite en liters verbruik;
 - op watter datum was aktiwiteit verrig; en
 - waar was die aktiwiteit verrig.
5. Geskikte eisbare diesel (L) bestaan uit:
 - totale eisbare diesel.

Sou die moontlikheid ontstaan dat die produsent geoudit word of dalk 'n inspeksie kry en daar kan nie bewyse van die maatreëls hierbo aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens gelewer word nie, kan SAID die diesel wat geëis was terugskryf tot sover as vyf jaar.

Plaasverkope in die Oos-Vrystaat

Michelle Ellis (Landbou-ekonomiese, Reitz)

Vanuit 'n opname wat deur VKB saamgestel is, blyk dit dat die aantal plase wat verkoop is in die oostelike deel van die Vrystaat 'n opwaartse tendens gevolg het tot en met 2008. Die afgelope agt jaar toon egter 'n afwaartse neiging.

In hierdie artikel word tendense in plaasverkope, sowel as hektaarverkope ondersoek. Hierdie is die eerste artikel in 'n reeks artikels wat handel oor grondverkope en grondprystendense in die Oos-Vrystaat.

Metodiek

Die opname is gedoen vanuit die *Landbouweekblad* se weeklikse plaasverkope-rubriek vanaf 2000 tot 2015. 'n Ses maande tydsverloop is in berekening gebring om voorsiening te maak vir die oordragtydperk (datum van transaksie tot datum van registrasie), dus strek die verwerkte data vanaf 1999 tot 2015.


Vir ontledingsdoeleindes is die VKB-bedieningsgebied verdeel in twee subgebiede, naamlik Oos en Sentraal. Die Oos-gebied (wat die groter saagebied is) sluit die volgende landdrostrikte in: Frankfort, Reitz, Bethlehem, Fouriesburg, Vrede en Harrismith. Die landdrostrikte Heilbron, Lindley, Senekal en Marquard word in die Sentrale gebied (wat 'n groter veefaktor het) ingesluit. 'n Skematiese voorstelling word in Figuur 1 weergegee.



Figuur 1: VKB-ondersoekgebied


Aantal Plaasverkope

Die totale aantal plase wat verkoop is in die tydperk van 15 jaar weerspieël 'n duidelike opwaartse tendens van 1999 tot 2008 vanwaar dit afneem van 2008 tot 2015 (Figuur 2). Totale aantal plase verhandel van 1999 tot 2003 het toegeneem met 157%. Vanaf 2004 tot en met 2008 was die toename slegs 27%. 'n Afwaartse tendens volg met 'n daling in aantal plaasverkope van 10% van 2008 tot 2012 en 'n verdere afname van 80% tot en met 2015.



Figuur 2: Totale aantal plaasverkope (1999 -2015)

Hierdie tendens kan ook duidelik in die Oos en Sentrale subgebiede bespeur word met 'n toename in aantal plaasverkope van 192% en 91% onderskeidelik van 1999 tot 2003. 'n Verdere toename van onderskeidelik 18% en 54% vind tot 2008 plaas. Daarna volg 'n afname van onderskeidelik 11% en 8% van 2008 tot 2012 met die verdere afname van onderskeidelik 84% en 71% tot en met 2015 (Figuur 3).



Figuur 3: Totale aantal plase verkoop per distrik (1999-2015)


'n Totaal van 6 000 plase is oor die tydperk van 15 jaar verhandel. 'n Ontleding toon aan dat 3 993 plase onderskeidelik in die Oostelike en 2 007 plase in die Sentrale deel van die Oos-Vrystaat verhandel het.

Daar is duidelike pieke in die aantal plase wat verkoop is gedurende 2000, 2003, 2008 en 2012 met onderskeidelik 406, 426, 542 en 488 plase wat van eienaar verwissel het. Die laagste aantal plase wat verkoop is, vind in 2015 plaas, met 'n totaal van 98 plase wat verkoop is.


Die plaasoppervlakte wat verhandel

Die oppervlakte wat verkoop is, volg dieselfde tendens (soos verwag) as dié van die aantal plase wat verkoop is, deurdat die hoeveelheid hektaar wat verkoop is van 1999 tot 2003 toegeneem het met

176%, vanwaar die toename tot en met 2008 slegs 19% is. 'n Afwaartse tendens volg met 'n daling in hoeveelheid hektaar verkoop van 16% van 2008 tot 2012 en 'n verdere afname van 83% tot en met 2015 (Figuur 4). Die grootste oppervlakte het gedurende 2008 verhandel, naamlik 150 806 hektaar.



Figuur 4: Totale hektaarverkope (1999–2015)



Figuur 5: Totale hektaarverkope per gebied (1999–2015)

In die Oos en Sentrale subgebiede gebeur dieselfde met 'n toename in hoeveelheid hektaarverkope van 197% en 122% onderskeidelik van 1999 tot 2003. Die toename verlangsaam egter tot en met 2008 met 'n toename van onderskeidelik 18% (Oos) en 24% (Sentraal). Van 2008 tot 2012 is daar 'n afname van 22% in hektaarverkope in die Oostelike deel en 'n toename van 4% in hektaarverkope in die Sentrale subgebied. Die afname in die oppervlakte wat verhandel vanaf 2013 tot en met 2015 was onderskeidelik 85% en 78% (Figuur 5).

Die oppervlakte wat verkoop het, toon ook verskeie pieke, soos met aantal plaasverkope. In 2000, 2003, 2008 en 2012 is die meeste hektaarverkope, naamlik 117 538 ha, 126 499 ha, 150 806 ha en 126 934 ha onderskeidelik. Die laagste hoeveelheid hektare verkoop kom voor in 2015 met slegs 21 597 ha.

Deurgaans is die afname in aantal plaasverkope, sowel as hoeveelheid hektaar verkoop, laer in die Sentrale deel van die Oos-Vrystaat as in die Oostelike deel. 'n Groot rede hiervoor is dat die Sentrale deel, hektaar gewys, baie kleiner is as die Oostelike deel.

Die afwaartse tendens in plaasverkope en hektaarverkope van 2008 tot 2015 kan moontlik toegeskryf word aan die ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika in daardie spesifieke tydperk, met

die intree van die resessie in 2008/2009 wat die kopersmark drasties verklein het. Verdere afplatting kan ook moontlik toegeskryf word aan moeilike produksie-omstandighede (droogtes, ensovoorts), wat produsente finansiële onderdruk plaas, afgesien van die verswakking van die rand wat hoër kommoditeitspryse tot gevolg het. Die swak ekonomiese groei, tesame met inflasie het grondkopers se koopkrag ingeperk. Politieke onstuimighede en onsekerhede oor grondeienaarskap en die instel van grondplafonbeleide plaas ook 'n demper op verkope.

In die hieropeenvolgende artikel word die gemiddelde prys per hektaar in die Oos-Vrystaat ondersoek, tesame met faktore wat 'n moontlike invloed kan hê op markpryse.



www.bosch.co.za

Like a **bosch.**



GSW 8700
**Professional
Grinder**
115mm • 670watt



GSB 1300
**Professional
Impact Drill**
13mm • 550watt

Available at your nearest
VKB/NTK Branch

- Wood
- Steel
- Concrete



BOSCH

PROMOSIE

Koop enige van die onderstaande Virbac produkte by u naaste **vk_b/nt_k** handelstak en

STAAN 'N KANS OM KRAGGEREEDSKAP TE WEN



Prodose® Orange, Albendasool 1.9% m/v and Klosantel 3.94% m/v, Reg. Nr. G2101, Namibië Reg. Nr. V95/18.1.8/43^[NSO],
Prodose® Yellow LA, Klosantel 7.5% m/v, Reg. Nr. G1959 (Wet 36/1947), Namibië Reg. Nr. V03/18.1.3/104^[NSO],
Virbamax™ First Drench, Abamektien 0,08% m/v en Prasiqwantel 1.50% m/v, Reg. Nr. G3084 (Wet 36/1947), Namibië Reg. Nr. V95/18.1.1/42^[NSO],
Multimin® + Se + Cu + Cr Beeste, Sink 40 mg, Mangaan 10 mg, Selenium 5 mg, Koper 15 mg, Chroom 5 mg, Reg. Nr. G3371, (Wet 36/1947),
Namibië Reg. Nr. V06/19.3/67^[NSO],
Virbamec® LA, Ivermektien 1% m/v, Reg. Nr. G2885 (Wet 36/1947), Namibië Reg. Nr. V01/18.1.2/109^[NSO],
Virbamec® L, Ivermektien 1% m/v, Clorsulon 10% m/v, Reg. Nr. G3269 (Act 36/1947),
Zeramec®, Ivermektien 1% m/v en Zeranol 1% m/v, Reg. No. G3660, (Wet 36/1947),
Terralon® LA, Oksitetrasiklien (as dihidraat) 200mg/ml, Reg. Nr. G2676 (Wet 36/1947),
Amipor®, Amitraz 1% m/v, Sipermetrien 1% m/v, Piperoniël butoksied 5% m/v, Reg. Nr. G2058.

Matt-Weld welder 200A



Bosch Boor GSB 16RE



Bosch Grinder GWS 22-230H



Kontak u Virbac tegniese verkoopsadviseur vir meer inligting




Shaping the future of animal health



Luise

in 'n
veeboerdery
is 'n
krapperigheid
wat geld kos!



deur: dr. S. Froneman (BSc. B.V.Sc.) • 082 819 3081 • schabort.froneman@gmail .com

Luisinfestasies in vee (en ook pluimvee) is 'n wydverspreide en algemene kondisie in Suid Afrika. Die ekonomiese impak op 'n veeboerdery word egter algemeen onderskat. 'n Amerikaanse resensie het gevind dat 12% van beeste wat geslag word, ongeveer 'n 30 kg verlies getoon het as gevolg van luise. Dit kan gesien word as 3 tot 4 kg gewigsverlies, PER bees wat geslag word, wat toegeskryf kan word aan luise. Met die huidige vleispryse wat so hoog is, het luise beslis 'n groot ekonomiese impak vir die produsent. Dit is beslis lonend vir die veeboer om behandeling teen luise deel te maak van sy bestuursprogram.

Luise is klein, plat, vlerklose insekte. Daar is verskillende spesies wat wissel in grootte, van 1 tot 10 mm en sommige kan met die blote oog gesien word. Hulle eiers broei uit binne sewe tot 14 dae en 'n volledige lewensiklus word binne 14 – 21 dae voltooi.

Luise is baie gasheerspesifiek, met ander woorde, elke soort dier het sy eie spesies luise en 'n beesluise kan byvoorbeeld nie 'n skaap, perd of mens besmet nie. Luise is ook baie afhanklik van hulle gasheer en funksioneer as permanente parasiete waarvan die hele lewensiklus bo-op die gasheer self plaasvind. Hulle kan slegs vir beperkte periodes van die gasheer af oorleef. Die tyd is egter genoeg dat luise oorgedra

kan word wanneer hulle op byvoorbeeld kraalmure, stalle of hekpale agterbly waarmee diere gereeld in aanraking kom. Die hoofmetode van verspreiding bly egter steeds wanneer diere in noue aanraking is met ander besmette diere. Op hierdie manier verspei hulle egter vinnig. Verspreiding tussen 'n koei en haar kalf neem slegs 'n paar uur.



Luise floreer in die winter wanneer dit koud is en die dier se haarkleed lank is. Natuurlik is wintertyd ook die tyd wanneer voeding suboptimaal is wat lei tot stres op die diere en luise floreer op diere wat onder stres gebuk gaan, diere waarvan die immuunstelsel onderdruk is, of jong diere wat nog 'n naïewe immuunstelsel het.

'n Dier wat gebuk gaan onder 'n luisinfestasië is oor die algemeen rusteloos, met 'n swak aptyt (en gevolglik kondisie), het kaal kolle op hulle lyf en krap hulleself gereeld teen enige struktuur wat beskikbaar is (bome, krale, hekpale).



STIMULEER EETLUS OP DROË WEIDINGS VIR VERBETERDE PRESTASIE



WINTERLEK VIR BEESTE

DRYVELD 46:

- Stimuleer ruvoerinnname van beeste en beperk wintermassa-verliese
- Bevat spoorminerale wat lei tot verhoogde konsepsie en kalfpersentasies
- Volledig klaar gemengde lek
- Help voorkom droë galsiek

Kyk uit vir die **GROOT 46**
vir 'n droëveld-aanvulling wat werk!



Vir meer inligting oor Molatek se spesifieke voere en dienste kontak ons:
+27 (0)13 791-1036, molatek@tsb.co.za,
www.molatek.co.za





Luise

in 'n veeboerdery
is 'n krapperigheid
wat geld kos!

TIPES LUISE

Luise word in twee groepe verdeel, naamlik suiende/blou luise en bytende/rooi luise. Die tipe luise is gewoonlik minder belangrik as die hoeveelheid luise op 'n gasheer. Dit is egter nog steeds belangrik om te onderskei tussen die twee tipes, aangesien dit die keuse van behandeling kan beïnvloed.



BLOU LUISE (SUIENDE LUISE)



ROOI LUISE (BYTENDE LUISE)

Suiende luise het lang smal koppe, met monddele wat spesifiek aangepas is om deur vel te penetreer. Sodoende voed hulle op bloed, wat hulle 'n blou kleur gee, vandaar die verwysing na blou luise. 'n Groot populasie van hierdie luise op 'n gasheer kan baie skadelik wees. Jong diere en ook melkkuddes word die meeste aangetas

Op die oog af kan die tipe luise (en selfs spesie) dikwels uitgekien word deur die area op 'n dier se lyf wat geaffekteer is, aangesien verskillende luise verskillende voorkeurareas het (dit gesê, wanneer 'n infestasië baie groot raak en voorkeurareas oorbevolk raak, sal die luise versprei na areas wat nie normale voorkeurareas is nie).

Rooiluisse affekteer gewoonlik skouers/nek, bolyn en stertwortel. Die nek-area is soms baie erg geaffekteer.

Blouluise se verskillende spesies affekteer verskillende areas op die dier, die blouluise *L. vituli* vind mens onder 'n bees se maag en tussen die agterbene, terwyl 'n ander spesie *eurysternus* rondom die kop, ore, oë en neus voorkom

Rooi luise het 'n rooibruin kleur en 'n groot ronde kop. Hulle monddele is spesifiek aangepas om te voed op die oppervlakkige lae van die vel (asook ander biologiese materiaal wat op die vel te vinde is, bv. skilfers, hare, vere en bloedstolsels van wondjies). Hulle byt en kou as't ware en verskaf geweldige irritasie vir die gasheer. Hulle is baie aktief en wanneer die hare/wol op 'n dier oopgemaak word kan mens dikwels sien hoe hulle skarrel om weer beskutting te kry.

HOEKOM IS LUISE 'N PROBLEEM?

Soos reeds genoem is die hoeveelheid luise op 'n dier belangrik. 'n Lae infestasië kan maklik geen noemenswaardige gevolge hê nie, maar 'n matige tot hoë infestasië kan drastiese gevolge hê en kan lei tot:

1. Gewigsverlies
2. Afname in daaglikse gewigstoename
3. Bloedarmoede
4. Verhoogde vatbaarheid vir siektes
5. Velirritasie en ongemak
6. Sekondêre bakteriële infeksies
7. Koeie wat swakker en kleiner kalwers speen
8. Afname in konsepsie (dus swakker reproduksiestatus)
9. Beskadigde velle
10. Wolverlies
11. Beskadigde infrastruktuur
12. Spoedige verspreiding

BEHANDELING EN BEHEER

Die eerste stap is om te verseker dat jou diere in 'n goeie kondisie bly, of dat die voedingskwaliteit aanvaarbaar is. Dit sal verseker dat die diere beter weerstand het om 'n potensiële infestasië te bestry.

In veekuddes is die aangewese behandeling om te dip of toediening van inspuitbare makrosikliese laktone (byvoorbeeld ivermektien).

Inspuitbare middels werk egter uitstekend vir blou luise wat bloed suig, waar dit slegs rooi luisinfestasiës onderdruk. Makrosikliese laktone is dan ook die verkose metode om blou luise mee te behandel alhoewel dip ook sal werk. Let wel, opgiemiddels is minder effektief as sproei/dompeldip vir blou luise aangesien blou luise onaktief is en nie noodwendig in aanraking met die opgiemiddel kom nie.

Rooi luise reageer goed op normale dip of opgiemiddels. Dit is wel baie belangrik dat dipstowwe gebruik word wat die korrekte aktiewe bestanddele bevat, aangesien nie alle aktiewe bestanddele werk teen luise nie. Aktiewe bestanddele wat goed werk is piretroïde en organofosfate (let wel, daar is ander aktiewes ook geregistreer is vir werking teen luise, vra gerus u veearts of produkspesialis wat beskikbaar is).

Hetsy dit inspuitbare of dipbehandeling is, is dit **BAIE BELANGRIK** om die behandeling te herhaal binne sewe -14 dae, om te verseker dat die luise wat uitbroei na die eerste behandeling, ook geteiken word (verwys na die lewensiklus hierbo).

'n Voorkomende behandeling in die herfs, terwyl luisgetalle nog laag is, word ook aanbeveel om 'n winterinfestasië te verlig. Dit is ook goeie praktyk om diere wat ingekoop word, in kwarantyn te plaas en te behandel teen uitwendige parasiete, voor hulle in 'n kudde ingebring word.

Indien behandeling korrek toegedien word en opgevolg word, reageer die diere goed daarop en verbetering kan binne twee weke gewaar word. Vir die beste resultate in skape, moet hulle 'n paar weke na skoor gedip word.





As jy nie
**VOERMOL
PREMIX 450**
voer nie...

...kan dinge
agter uitgaan

Indien u dus ernstig is
om hierdie winter net
die beste te behaal in:

- liggaamsmassa en
algehele kondisie
van u kudde
- dragtigheid en
speenpersentasies

is daar net een keuse...

**VOERMOL
PREMIX 450**

Aanbevole inname:
400 - 600 g per bees per dag



VOERMOL

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

50

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Voermol Premix 450
Reg. Nr. V4676 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: **Voermol** Voere (Edms) Bpk.
Posbus 13, Maidstone 4380.



HOEKOM VERKIES MEESTE SA BEESBOERE VOERMOL SE PROTEÏENLEKKE?

• 032 439 5599 • www.voermol.co.za • info@voermol.co.za

HOEKOM VERKIES MEESTE SA BEESBOERE VOERMOL SE PROTEÏENLEKKE?

- Voermol proteïenlekkie word deur beesboere verkies weens die unieke eienskappe en wye keuse daarvan om proteïen-, mineraal-, spoorelement- en vitamientekorte op enige tipe droë weiding aan te vul.
- Sommige Voermol proteïenlekkie bevat natuurlike proteïen (deurvloei-proteïen) wat uitstekende diereprestasie bevorder.

WAT IS DIE UNIEKE EIENSKAPPE VAN VOERMOL SE MELASSE- GEBASEERDE PROTEÏENLEKKE?

- Ureum word in melassestroop opgelos wat die risiko van ureumvergiftiging verminder.
- Die relatief lae pH van Voermol produkte verseker dat die ureum stadiger in die rumen tot ammoniak afbreek wat die risiko van ureumvergiftiging verminder. Die stadiger beskikbaarstelling van ammoniak verseker doeltreffender benutting daarvan deur die mikrobies in die rumen.
- Die energie in melasse is onmiddellik vir die mikrobies in die grootpens beskikbaar. Dit verseker doeltreffender benutting van ureum wat die gevaar van ureumvergiftiging verder verlaag.
- Melasse is ryk aan kalium wat matig lakserend is en gevolglik help om droë galsiekte in diere op droë weiding te voorkom.
- Melasse is smaaklik en verseker ook dat lekkie nie stowwerig is nie wat meehelp om die voorgeskrewe lekinnamepeile te bereik en terselfdertyd verhoed dit dat die lekkie wegwaai.
- Voermol bemark 'n reeks melassegebaseerde rumenstimulerende proteïenlekkie wat in verskillende vorms (los lek, blok of vloeistof); formaat (klaargemeng en gereed om te gebruik of selfmeng); met hoë of lae fosforinhoud beskikbaar is en wat hoë vlakke van al ses noodsaaklike spoorelemente asook makrominerale en Vitamien A bevat. Daar kom dikwels groot verskille tussen plase voor weens verskeie faktore (wat insluit verskille in grondtipes; klimaatstoestand; weidingsamestelling en-spesies; weiding- en dierebestuurspraktyke, ensovoorts. Dit noodsaak produsente om aanpassings aan bestaande lekaanvullingspraktyke en -resepte te maak om die optimum respons te kry.

Sien keersy



WAT IS DIE DOEL MET DIE VOORSIENING VAN VOERMOL PROTEÏENLEKKE?

- Die aanvulling van die ontbrekende voedingstowwe in droë weiding stimuleer die diere se eetlus; bevorder die vertering van droë weiding wat dan weidingsinname met tot 20 % kan verhoog. Dit beperk kondisie- en massaverlies waardeur vrugbaarheid bevorder word. Sonder voldoende proteïenaanvulling via lekke op droë weiding bereik teelkoeie nie hulle teikenkondisie met aanvang van die paarseisoen nie en het dit swak besetting en gevolglik laer kalfpersentasies tot gevolg.
- Diereprestasie en die optimale funksionering van die immuunstelsel word nadelig beïnvloed indien diere aan 'n proteïentekort op droë weiding en oesreste blootgestel word. 'n Lae weerstand weens swak immuniteit maak diere meer vatbaar vir bakteriese en virussiektes terwyl diere ook swakker sal immuniseer wanneer hulle geënt word.

REGTE KEUSE VAN PROTEÏENLEKKE VIR VLEISBEESTE

- Deur die regte Voermol proteïenlek vir die spesifieke omstandighede te kies, sal nie net verseker word dat die diere maksimum voordeel uit die beskikbare droë weiding kry nie, maar ook koste-doeltreffende diereproduksie bevorder.
- Die volgende klaargemengde Voermol droëseisoenlekke is vir vleisbeeste beskikbaar: **Premix 450** (V4676) vir baie strawwe winters; **Bovelderlek** (V19218) vir laer lekinnames waar tradisionele winterlekke se innames te hoog is (bv. suurveldgebiede); **Hoëveldlek** (V16150) vir hoër fosfoeraanvulling; **Dundee Lekkonsentraat** (V10737) vir selfmeng (sien Tabel); **Ekonolek** (V11147) vir diere wat ekstra energie benodig soos speenkalwers en eerstekalfverse; **Proteïenblok** (V10448) en **Beesblok** (V10932) waar lekbakke nie beskikbaar is nie. Eersgenoemde blok is ook hoog in fosfor.

VOERMOL DUNDEE LEKKONSENTRAAT Meng met die Beste

Voermol Dundee Lekkonsentraat:

- Is hoogs gekonsentreerd wat die koste van proteïenaanvulling verlaag
- Kan aangewend word om 'n groot verskeidenheid onderhouds- en produksie-lekke te meng
- Voorsien die nodige minerale, spoorminerale en vitamien A vir optimale produksie



VOERMOL

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Voermol Dundee Lekkonsentraat
Reg. Nr. V10737 (Wet 36/1947)
Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk.
Posbus 13, Maidstone 4380.

SELFMEG-MENGSELS VIR DROËSEISOEN BEESLEKKE


Grondstowwe	Selfmeng-proteïenlekke		
	1	2*	3
Voermol Dundee Lekkonsentraat (V10737) (kg)	250	250	–
Voermol Bovelderlekkonsentraat (V19908) (kg)	–	–	450
Mieliemeel of Voermol Melassemeel (V1995) (kg)	100	100	200
Voermol Rumevite 12P (V11994) (kg)	–	50	–
Sout (kg)	150	150	350
Totaal (kg)	500	550	1 000
Aanbevole inname (g/bees/dag)	350 – 470	400 – 570	500 – 800

* Gebruik in gebiede waar ernstige fosfortekorte voorkom.

Vir meer besonderhede oor leksamestelling, lekmengsels, gebruiksaanwysings en aanbevole innamepeile raadpleeg Voermol se nuutste Produkhandleiding of www.voermol.co.za

Indien meer inligting verlang word, raadpleeg u naaste **Voermol Agent** (sien www.voermol.co.za vir besonderhede) of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

Met trots geborg deur Bayer Diergesondheid, die nasionale verspreiders van die OBP-bloutong-entstof.



Voorkom bloutong deur korrekte inenting

deur prof. Gareth Bath, professor emeritus, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria

Die belangrikheid van bloutong

Bloutong is die belangrikste virussiekte van skape en kan elke jaar, as toestande voordelig is, ernstige siekte en vrektes veroorsaak. Dus is voorkoming bo pogings tot behandeling veel meer verkieslik. Daar is twee metodes om die siekte te voorkom: een is om infeksie te probeer vermy, die ander is deur diere weerstandbiedend teen infeksie te maak.

Die entstof

Immunisasie vereis enting en daar is slegs een entstof wat getoets, geregistreer en vir Suid-Afrikaanse omstandighede toepaslik is. Dis is die OBP-entstof wat vyftien van die gevaarlikste stamme bevat wat plaaslik gevind is. Om effektiwiteit teen soveel stamme te verseker, is dit in drie komponente van vyf stamme elk verdeel, wat as A, B en C gemerk is en wat in daardie volgorde en minstens drie weke uitmekaar toegedien moet word. Maar as A nie beskikbaar is nie, kan daar met B of C begin word.

Daar is 'n mate van kruisweerstand tussen stamme maar nie veel nie. Om hierdie drie komponente te meng of om met korter tussenposes te ent, het min waarde. Dit is gelykwaardig aan die dele van die entstof weg te smyt. Die entstof is lewendig maar verswak (attenueer) sodat dit min of geen

sieketekens verwek. Omdat dit lewendig is, moet dit ten alle tye in 'n yskas of op ys bewaar word en slegs onmiddellik voor gebruik met steriele water vir gebruik aangemaak word. Dit kan nie vir selfs 'n uur vir latere gebruik gebêre word nie.

Naalde en spuite moet vooraf gekook en daarna voor gebruik afgekoel word. Moet nie ontsmettingsmiddels gebruik nie omdat dit die entstof mag doodmaak.

Onthou dat alle entstowwe die oorgroote meerderheid diere behoort te beskerm, maar dat daar 'n paar diere sal wees wat ten spyte van enting nie immuun raak nie. Siek, swak, wangevoede of geneties ongeskikte diere sal nie goeie immuniteit ontwikkel nie.

Wanneer om dit te gebruik

Die bloutong-entstof moet voor die verwagte bloutongseisoen aan skape toegedien word, wanneer die draer – muggies – na goeie somerreëns volop is. Die tyd sal met die area wissel (hoër reënval beteken hoër risiko) asook die getalle beeste teenwoordig. Hulle word bo skape deur die muggies verkies en sal die virus vermenigvuldig al wys hulle onder normale omstandighede geen tekens van infeksie nie.

Lammers

Lammers is die meeste vatbaar vir bloutong en dus moet hulle die hoogste prioriteit vir beskerming gegee word. Die beste resultate word verkry as lammers van geënte ooie ses maande oud is wanneer enting begin. Dit is geen probleem vir herflammers nie aangesien hulle hierdie ouderdom vóór die hoofbloutongseisoen in die tweede helfte van die somer sal bereik. Dit is egter onmoontlik om so lank met die lentelammers te wag aangesien hulle die ergste aan strawwe infeksie blootgestel sal wees presies op die tydstip wanneer die immuniteit deur hul moeders kwyn, ondoeltreffend raak of verdwyn het. In hierdie geval is dit gewoonlik beter om enting vroeër te begin, óf na drie maande, óf in sommige gevalle selfs vroeër.

Neem 14 dae nadat die lamseisoen begin (wanneer die meeste lammers al gebore is) as die kuddeverjaarsdag en tel 90 dae by om deel A te ent, gevolg deur B en C, elkeen 21 dae uit mekaar. Gewoonlik beteken dit dat alle lammers teen middel Januarie klaar geënt is wanneer die hoofbloutongseisoen begin. 'n Paar lammers mag siek word en 'n baie klein hoeveelheid mag selfs aan bloutong beswyk, maar die oorgrootte meerderheid sal beskerm wees.

Verliese sal veel minder wees as om vir ses maande nadat die laaste lam gebore was te wag voordat die entingprogram begin. Natuurlik, as ooie nie geënt was nie, kan lammers vanaf ses weke of vroeër geënt word. Indien herflammers vir slagting voor middel somer bemark sal word, mag enting van hierdie lammers in meeste gevalle onnodig wees. In alle gevalle moet ooi- en ram-lammers wat vir vervanging in die kudde teruggehou is, behoorlik geënt word.

Ooie


Ooie wat as lammers wel geënt was, behoort minstens nog een keer op enige tydstip as hulle nie dragtig is nie en ten minste 10 weke voor paartyd begin, geënt te word, of andersins in middeldragtigheid as dit noodsaaklik is om dragtige ooie te ent. Vermoedlik enting van ooie in die eerste agt weke en die laaste ses weke van dragtigheid. Té vroeë enting kan aborties of dom lammers, wat nie suip of groei nie, veroorsaak. Te laat enting kan sekondêre probleme soos hipokalsemie (melkkoors) of dragtigheidsketose (domsiekte) veroorsaak. Jaarlikse enting mag aanbeveel word, veral in hoërisiko-areas en vir waardevolle ooie.

Ramme

Ramme kan op enige tydstip behalwe voor en tydens paring geënt word. Die entstof kan tydelike onvrugbaarheid as gevolg van koors veroorsaak en dit kan tot agt weke neem om die ram te herstel. Dus moet enting minstens veertien weke voor die paarseisoen vir veiligheid begin om vrugbare ramme te verseker. Dit is veral op jong vervangingsramme van toepassing. Verkieslik behoort daar gewag te word totdat ramme met paring klaar is voor enting begin. Jaarlikse enting van ramme word aanbeveel aangesien bloutong voor of gedurende paartyd waarskynlik tydelike onvrugbaarheid sal veroorsaak indien die ram nie ten volle immuun is nie.

Praat met jou veearts

In alle gevalle word boere aangemoedig om hul plaaslike veearts te konsulteer oor die opsies wat hulle plaaslike en dikwels unieke omstandighede die beste sal pas, soms met betrekking tot hulle plase of boerderysisteme.





Vroue

op die plaas

Hannelie Roodt

– Meer as net veeboer

Met die intrapslag op die plaas van Jan en Hannelie Roodt weet jy, hier woon mense met 'n passie vir diere. Hannelie se honde laat jou dadelik welkom voel, en die mak skaap en blesbok kom groet jou in die sitkamer. Maar haar huis is netjies en smaakvol sodat jy dadelik besef: Hannelie is meer as net 'n boer, sy is 'n raakvat vrou.

Sy het op 'n plaas in die Sasol-omgewing grootgeword. Dit was die familieplaas waar haar oupa jare lank geboer het. Die plaas het met die jare haar broer se eiendom geword maar omdat sy so lief is vir die Vrystaat, het manlief Jan 'n stuk van die grond gekoop. Hannelie het haar erfgeld gebruik om beeste te koop en vandag boer sy met beeste in die Vrystaat.

Haar 60 stuks vee word deur haar broer, wat op die plaas woon, versorg, maar as die vee bemark moet word, en ten minste een maal per maand, is Hannelie daar om na haar belange om te sien.

Hannelie word egter daaglik besig gehou deur haar boerbokboerdery. Voor hulle na die Bela Bela-omgewing verhuis het, het Jan (beter bekend as Poerjas) en Hannelie op Rooiberg geboer. Hier het hulle 'n groot plaas gehad waar Jan met beeste geboer het. Hannelie het reeds daar met boerbokke begin boer en gou-gou 'n kudde van 320 ooie gehad. Toe die plaas verkoop is, het sy haar hele kudde verkoop en moes van voor af begin toe hulle Bela Bela toe verhuis.

In die tien jaar wat hulle in die Warmbad-omgewing boer, het haar kudde aangegroei tot 120 ooie en dit is die maksimum wat sy sal aanhou. Dit is 'n goeie getal

Augustusmaand is Vrouemaand. Hulde word gedurende dié maand gebring aan vroue in Suid-Afrika wat 'n verskil gemaak het, en vroue wat steeds hul plek vol staan in die gemeenskap.

Delene Snyman het met vier vroue gesels wat op hul plase werk en woel, vroue wat in hulle omstandighede 'n verskil maak, formidabele vroue.

om mee te boer maar om steeds persoonlik betrokke by te wees.

Boerbokke is 'n intensiewe boerdery – veral as jy so lief is vir diere soos Hannelie. Lamtyd staan sy 'n paar keer in die nag op om te kyk of ooi en lammetjie nie aandag nodig het nie. Male sonder tal het sy al siek bokke huis toe gedra en daar gaan versorg. Elkeen is vir haar uniek en spesiaal.

Boerbokke is baie meer intensief as wat meeste mense besef en Hannelie sê hulle het “baie kyk nodig”. Omdat hartwater en roofdiere 'n groot probleem is, kom die bokke elke aand kraal toe waar hulle getel en bekyk word. Naby lamtyd word hulle in kampe gehou en dan na lamkampe geneem waar ooi en lam tien dae sal vertoef. Dit help om die lam so gou as moontlik aan die speen te kry want dit beteken sterker lam en gesonder bok.

Ná vier maande word die lammers gespeen en daarna twee maande gevoer voor die rammetjies verkoop word. Meeste word op veiling verkoop terwyl enkeles aan vaste kopers in Bela Bela verkoop word. As die diere gespeen is, gaan hulle uit in die veld waar hulle vir hulself kan sorg, dan is die boerdery maklik omdat dit geharde diere is. Dit is ook intelligente diere wat gou leer wat die roetine van die plaas is en met net 'n paar arbeiders boer Hannelie gemaklik self. Hannelie bedryf ook 'n padstal op die plaas. Haar regterhand, Liesbet, hanteer al jare lank die padstal.



Hannelie tussen haar bokke.

Hier vind jy 'n groot verskeidenheid produkte te koop. Die plaaslike bevolking koop brood en ander noodsaaklikhede hier, terwyl toeriste biltong, tuisgemaakte konfynt en curio-items hier kan koop. Hier is Hannelie ook "ma" vir die plaaslike bevolking en weet sy en Liesbet van almal se dinge. Sy maak twee maal per dag 'n draai by die padstal en op pad daarheen voer sy sommer Manlief se bokke.

Toe Poerjas en Hannelie na dié geweste getrek het, was daar min tot geen kommunikasie tussen mense wat op die nabygeleë plote en plase gewoon het nie. Toe iemand 'n paar dae nadat hy dood is eers in sy huis gevind word, het Hannelie besluit dit is tyd om 'n buurtwag op die been te bring. Sy het met boere in die gemeenskap geskakel en gou het die buurtwag die lig gesien. Sy dien as sekretaresse op die bestuur van hierdie aktiewe, omgee-buurtwag. Net nog 'n bewys dat Hannelie omgee vir diere, maar beslis ook vir haar medemens.

Hannelie is nie blind vir die probleme in die landbou en in die land in geheel nie. Sy sê egter as sy na die mense van die land kyk, kry sy hoop vir die toekoms. As sy sien hoe mense uitgereik het na boere in hierdie droogtetye, skep sy moed sodat sy kan glo in die goedheid van Suid-Afrikaners. Geanker in geloof en deur genade, boer sy voort met haar geliefde diere.



Voor die hek van 'n kleiner kampie.



Hannelie en Liesbet by Tinktinkie-padstal.



Hierdie sebra-perd-kruising is baie spesiaal.



Interessante geskenke by die padstal.



Interessante geskenke by die padstal.

Linda Laubscher en Nadia Swart

– Wildboer en entrepreneurs

Metsi-Metsi is geleë ongeveer 12 kilometer buite Modimolle op die Vaalwater-pad. Hier vind jy die ma-dogter-kombinasie Linda Laubscher en Nadia Swart. Hulle is net nog 'n bewys dat vroue op plase nie op hulle laat wag nie en 'n verskil kan maak.

Nadia was nog op laerskool toe Jannie en Linda einde 1994 plaas toe getrek het. In daardie stadium was daar byna niks op die plaas nie en moes hulle toespan en 'n huis restoureer wat bykans 'n dekade leeg gestaan het. Jannie, 'n tandarts op Modimolle, en Linda is kranige oudhede-versamelaars en albei het 'n oog vir die estetiese. Die huis is omskep in 'n droom-huis waar Nadia en haar twee susters grootgeword het.

Linda het dadelik met beeste begin boer op die 450 hektaar. Sy lag lekker as sy vertel van haar eerste vier beeste waarmee sy begin het. Sy het veilings bygewoon en haarself alles van beeste geleer; en ná 'n paar jaar het sy 'n kudde van 100 koeie gehad. Hierdie beeste het gehelp om die kinders deur universiteit te kry en aanwas is telkens verkoop as 'n universiteitsrekening opgedaag het. Intussen het Jannie die plaas met wildsomheining

toegespan en het hy begin wild aankoop. Geleidelik het Linda haar beeste begin minder maak totdat sy verlede jaar alles verkoop het om haar net op wild toe te spits. Sy hanteer die wildboerdery self, maar vind dit baie minder moeite as beeste.

Omdat die plaas grens aan Donkerpoortdam, is dit 'n pragtige plaas. So mooi dat Jannie en Linda besluit het om dit met ander te deel. Die ou opstal en stoor het in 2003 'n gedaanteverwisseling ondergaan en Linda het 'n gastehuis begin bedryf.

Toe Esti, hul oudste dogter, in 2005 met Adriaan du Plessis trou, het sy gesê sy sou graag tuis wou trou en net daar en dan is 'n paar aanbouings aan die gastehuis aangebring om 'n troue te hou. 'n Paar dae ná die troue het van die vriendinne begin bel om ook daar te trou. Dit was die begin van die trou-venue op Metsi Metsi.

Die dogters was van die begin af betrokke maar Nadia het mettertyd meer en meer betrokke geraak. Sy het Verbruikerswetenskappe Interieur by Tukkies studeer en hanteer al die dekor van die troues terwyl die kos Linda se afdeling is. Nadia en haar gesin het onlangs Nylstroom toe verhuis en nou kan sy voltyds aandag gee aan die troues en ook hul dekor-winkel en teetuin in die dorp, Oude Werf.

Nadia sien die bruide en dien as troubeplanner saam met die bruide terwyl Linda insit oor die kossake. Dit was in die beginjare net mooi andersom, maar Nadia geniet dit nou om die troues te reël. Manlief Jaap, 'n ingenieur van beroep, sit natuurlik ook handjie by en help veral met aanry van voorraad en beman saam met sy swaer die kroeg.



Linda en Nadia voor die trou-venue op hul plaas.



In die aand is die venue sprokiesmooi.



Die mooiste foto's word geneem



Die venue is in verskillende vlakke gebou.

BASECAMP RANGE GETS A BOOST

Basecamp, the Prodist brand which depicts quality, value and innovation amongst discerning and intrepid outdoor enthusiasts, now offer three specific ranges.



The Pioneer range which is an affordable range of camping and outdoor products for the "first-time" camper.


The Safari range is aimed at the committed camper who spends a lot of time outdoors.



The Extreme range for the avid outdoors man, includes cutting edge developments in material, comfort and safety.

Basecamp enthusiasts can look forward to more exciting products like a variety of chairs, coolers, water bottles, gazebo's and even jerry cans.

These products will soon be introduced into the range and promise to over deliver on your expectations.



LES JOU DORS NA AVONTUUR

Ons is almal lief vir die buitelug, die gevoel van avontuur of net die rustigheid. Jy kan die prag en wonder van die buitelewe soveel meer geniet met die gehalte en bekostigbaarheid van die Basecamp reeks. Of jy 'n avontuurlustige persoon of 'n entoesiastiese kampeerder is, Basecamp sal jou help ontsnap.



prodist **D**
client-supply-trust

Landswyd beskikbaar by uitgesoekte handelaars
Besoek www.prodlist.co.za vir meer

Haar eie troue was ook op die plaas en toe is 'n plekkie in die bos ingeruim vir die troue. Toe die jongste, Lindi, getrou het, het Jannie 'n kerk op die plaas gebou. Nou kan bruide op die dam, in die bos of in die kerk trou.

Daar word soms van mense in Nylstroom gebruik gemaak om te help met die voorbereiding van die kos, maar altyd onder die wakende oog van Linda.

Kelners is skoolkinders, en plaaswerkers wat in die week trekker ry is oor 'n naweek die mense wat regskeer, dek en parkeerplek vir bruilofgaste aanwys. So val alles mooi in plek op Metsi-Metsi.

Al is dit harde werk, is dit 'n voorreg vir Linda en Nadia om bruide te help om hul droomdag te verwesenlik. Hulle het al vele troues aangebied, soos dié van Liezel van Shine 4 en Roedolf. Maar elke bruid is spesiaal en

kry hulle onverdeelde aandag.

Linda is van nature 'n mens-mens. Sy is 'n omgee-mens wat agteroor sal buig om bruide en gaste te akkommodeer. Omdat sy warmte uitstraal, is dit sy terugkry in die lewe en daarom is sy nie negatief oor die toekoms van die landbou nie. Al is haar wildboerdery nie 'n direkte bron van inkomste nie, dra dit by tot die atmosfeer van die gastehuis en trou-venue wat haar en Nadia se inkomste is. Sy is 'n sprekende voorbeeld dat 'n mens nie op 'n plaas handjies gevou hoef te sit nie maar met inisiatief baie kan vermag. 'n Plaas is lankal nie net meer 'n plek van plant en saai nie, maar met 'n bietjie kreatiwiteit en baie harde werk, 'n plek met baie potensiaal waar drome waar word. Soos by Linda en Nadia op Metsi-Metsi.

Thato Moagi

– Young Female Farmer with passion

Thato Moagi says she was born with a love of nature. Although she runs the family farm based on business principles, it is this love of nature and plenty of passion for agriculture that makes her a true farmer.

But she is the first to admit that she still has a long way to go and much to learn about agriculture. Her father is her business mentor but she is still looking for a mentor, especially a female mentor, to teach her the ropes of this harsh career she has chosen.

Thato grew up in Johannesburg, matriculated at a Catholic school and went on to study at the University of Pretoria where she obtained a BSc degree in Plant Science. After school she had to make a career choice. Her father bought a farm close to Modimolle in 2013 and, with her keen interest in agriculture it was a logical choice for her to come to the farm.

During the first year she spent most of her time and money improving the infrastructure of the farm.

Fences were erected, the house was renovated, irrigation implemented and a shade-net structure erected. Although improvement of infrastructure is an ongoing process, by this time things were ready and Thato started to farm intensively.

She manages mixed farming at the moment with grain and beef being her main focus. She sees herself mostly as a cattle farmer in the future because of her love for animals. But for now she also farms with potatoes, spinach, goats, sheep and even bees.

Thato says she has learned many lessons in agriculture the hard way. Her trips to the fresh produce market were not always successful and that is why she decided to look for a different offset for her produce. She identified a shortfall in the provision of produce to informal settlements in and around Johannesburg and started to provide street vendors, spaza shops, small restaurants and street cooks with meat, potatoes and other products. This is a win win situation for both her and the community who battles to pay high prices in shops. By cutting out the middleman, she in fact makes more money this way.



Irrigation is the key.



In front of the net house that supplies spinach to the local Pick n Pay.



Behind this gate lies a successful farm because of the farmer's passion.

With a cool storage truck at her disposal and cool storage facilities at her parent's home in Centurion, she is able to provide her customers on a regular basis. With two pivots, a net house in operation, good "kuilvoer" that they mix themselves and the help of five permanent and up to 50 seasonal workers, they produce good quality products. Thato makes sure they only grow high quality vegetables and maize and the cattle are kept in immaculate condition, thus adhering to all quality standards required.

Her hard work and success has paid off and Thato won two awards last year. She was Limpopo Young Farmer of the Year (commercial sector) as well as Female Entrepreneur of the Year (commercial and export). The latter was a national competition with the finals being held in Durban. Here she got to meet many influential people. These competitions opened many doors for Thato. She visited Israel as part of a group invited by Investec. Here she gained valuable knowledge about irrigation and security in particular. Three months ago she was part of a group that visited China. She says the scale of farming in China is staggering.

Her visit to China made her realize that the future of farming in South Africa is in scale. Her vision is that more black farmers will emerge as mega farmers and by that not only providing food for the nation but also exporting to Africa and beyond.

Thato and her father have put together a feasible plan to promote the idea of mega farmers and they are about to put this to the table to various stakeholders. They are serious about the way forward for all farmers in South Africa.

Thato is not keen on politics; she is keen on the agricultural industry and the country moving forward. She believes in the people of this country and wants to be part of the bigger picture of a successful and prosperous country. That is why she has also taken two students under her wings. One student is doing her practical year after studying at the Potchefstroom Agricultural College and the other one is a placement of Agri Seta. For one year they will have the opportunity to work with Thato and get valuable insight into practical farming.

Farming has many opportunities for young people, according to Thato. She says the youth must be encouraged to take up farming as a profession. She enjoys this career choice immensely. It is a tough field to make your mark in, but she has the passion to make it work. Thato Moagi is an inspirational young woman whose intelligence is matched by her enthusiasm for agriculture.

“Hard work and success has paid off and she won awards last year.”



New Holland

T7000- reeks trekkers

maak plaaswerk al hoe beter



New Holland Suid-Afrika (NHSA) bied aan die Suid-Afrikaanse boer optimale werkverrigting en veelsydigheid met die beproefde T7000-trekkerreeks wat bestaan uit twee modelle, naamlik die T7040 (134 kW) en die T7060 (157 kW).

Gehalte is die hoofkenmerk van die Europese reeks trekkers wat bekendheid verwerf het op internasionale vlak deur verskeie toekennings te ontvang.

Beide modelle is toegerus met New Holland se gevorderde FPT-ses-silinder-elektroniese brandstofinspuiting-enjins. Die 6,7 liter enjins bied 'n verhoging in wringkrag van tot 30% in sekere toepassings soos om dieselfde grondspoed te kan handhaaf onder 'n hoë vrag.

Die trekkers se verkoelingspakket sluit in 'n "Vistronic"-elektronies beheerde waaiër wat enjinkrag spaar deur net die regte hoeveelheid lugvloei te verseker deur die verkoelers wat maklik oopvou om nasien en skoonmaak te vergemaklik.

Die **T7000-reeks** se lugverkoelde kajuit is die grootste in sy klas met 5,87 m glas-area en besonder lae geraasvlakke van slegs 69 desibels. 'n Lugsuspensie-operateursitplek, passasiersitplek en gerieflike kontrole-uitleg dra by tot die operateurserief wat die trekkers bied.

Hierdie trekkers spog met 'n geslotebaan-hidrouliese sisteem wat tot 150 l/min kan lewer, en hierdie olie voorsien drie eksterne hidrouliese kleppe waardeur die vloei verstel kan word. 'n 18x6 "full powershift"-transmissie en

'n skuifbare 540, 750, 1 000 o.p.m.-kragaffakker vorm deel van die trekkers se standaardtoerusting. Die trekkers is die ideale keuse vir spesialisering soos kompostering waar standaard toegeruste kruipratte aan die trekkers 'n grondspoed van slegs 330 meter per uur gee.

Om verder in die boer se behoeftes te voorsien is die **T7060** toegerus met 'n PLM- (Precision Land Management) ten volle geïntegreerde satellietstuurstelsel, en die T7040 gereed met die regte bedrading vir die installering van so 'n sisteem. Met die aankoop van 'n T7060 ontvang die klient ook een jaar gratis RTX-sein wat 'n akkuraatheid van 3,8 cm jaar op jaar bied sonder enige duur basisstasies. 'n Vergrote Intelliview 4-skerm maak die gebruik van die stuurstelsel moeiteloos.

Die **T7040** is standaard toegerus met breë enkel-agterwiele, waar die T7060 spog met dubbel-agterwiele om beter traksie en flotasië te bied. 'n Kort draaisirkel maak die trekkers die ideale keuse vir plantapplikasies, asook primêre grondbewerking en saadbedvoorbereiding.

Aan die pols van die operateur se hand kan die reeks trekkers geprogrammeer word om draaie op die wenakker met slegs die druk van een knoppie uit te voer, asook 'n outomatiese funksie wat meganiese voorwielaandrywing uitskakel wanneer die operateur draai om onnodige slytasie aan die dryflyn van die trekkers te verhoed. Met New Holland se gepatenteerde "intelleshif"-funksie kan die trekker self die beste rat kies vir optimale werkverrigting en brandstofverbruik na gelang van die vrag agter die trekker, en die posisie van die dieselpedaal wat ratskakeling feitlik outomaties maak en sodoende verder bydra tot die operateur se gerief. Verskeie addisionele kragpunte kan vir plantermonitors, ensovoorts aangewend word in die kajuit, asook 'n balk waarop die skerms gemonteer kan word.

NHSA rugsteun die trekkers deur 'n landwyse handelaarsnetwerk om net die beste diens aan hul kliente te bied.



T7000

www.nhsa.co.za
www.newholland.com



STANDARD OP
DIE T7060 (157 KW)
MET 1 JAAR GRATIS
RTX SEIN

CenterPoint
RTX



Werkverrigting en produktiwiteit. Geen kompromie.

Die New Holland T7000 gee 'n totaal nuwe betekenis aan landbou innovering.
Nou beskikbaar met kruip-ratkas (330m/uur) as standard.
"Intellishift™" sisteem vir optimale brandstof verbruik. "Headland management" vir optimale operateurs gerief. T7040 (134 kW)
Beskikbaar in 'n enkelwiel-opsie en "Auto-guidance" gereed.

Kontak vandag jou New Holland-handelaar of skakel 082 380 2405 en oorweldig die komende seisoen met die wêreld se beste in landbou voortreflikheid.



JOU SUKSES - ONS SPESIALITEIT



EFFEKTIEWE WATERBESPARING

**#1 KEUSE VIR HUISEIENAARS
IN DIE V.S.A.**

INNOVERENDE, TOP GEHALTE TUIN BESPROEINGSTELSELS

Die Orbit tuinbesproeiing reeks het alles wat jy nodig het om 'n professionele tuin besproeiingstelsels self op te stel. Die produkreeks is innoverend, volledig en ontwerp met die eindverbruiker in gedagte vir maklike installering, instandhouding en gebruik.

- Orbit is al 'n geruime tyd in Suid Afrika, en is deeglik getoets in hierdie klimaat
- Installering videos en volledige gidse vrylik aanlyn beskikbaar

PRODUKTE IN DIE REEKS

Uitwip Sprinkelaars en Spuitstukke



Besproeiing Kontroleerders



Mister Stelle



Sprinkelaar Koppe



Solenoid Kleppe



Orbit is beskikbaar by deelnemende NTK/VKB Handelstakke.

Die Orbit Reeks word eksklusief versprei deur  Agrinet

Bestuur kuilvoer

korrek vir beste resultate



Basiese kuilvoerbeginsels

Kuilvoer is een van die belangrikste voedselbronne in die hedendaagse beesbedryf. Dit verskaf 'n hoë-energie-ruvoer teen relatiewe lae koste. Goeie bestuur is egter van kardinale belang vir die maksimale benutting van die hulpbron. Daar is ook min areas by 'n produsent waar hy self meer aanspreeklik gehou kan word vir die kwaliteit kuilvoer wat hy self produseer.

Mieliekuilvoer is een van die belangrikste ruvoere in die Suid-Afrikaanse omgewing. Dit word algemeen gebruik omdat dit hoë opbrengste en hoë energie per hektaar lewer. Sou dit reg bestuur word, is dit hoogs smaaklik en baie konstant. Dit kan vinnig geoes word, dit kan gestoor word oor lang periodes en dit het oor die algemeen lae stoorkoste.

Ideale kwaliteitmieliekuilvoer is afhanklik van die besluite en bestuurspraktyke geïmplementeer voor, tydens en ná die inkuilingsproses.

Die maak en gebruik van mieliekuilvoer as 'n proses kan in twee hoofaspekte opgedeel word:

- die inkuilingsproses en
- die uithaal en voer daarvan.


Beide die prosesse gaan gepaard met sy eie stel moontlike probleme en belangrike bestuursaspekte.

Die inkuilingsproses

Die drie hoof-bestuursfaktore wat gehalte beïnvloed, is soos volg:

- ouderdom van mielies ten tyde van oes,
- tipe fermentasie wat in die silo plaasvind en
- die stoorstruktuur

Ouderdom tydens oes



Ouderdom van gewasse tydens oes kan die gehalte van mieliekuilvoer affekteer omdat dit die graan en voghoud kan affekteer, asook die verteerbaarheid daarvan. Die beste manier om die korrekte ouderdom te bepaal, is deur die melklyn op die mieliepit te gebruik. Die melklyn is die oorgangsfase tussen die vloeistof en soliede gedeelte van die mieliepit. Die optimale ouderdom is wanneer die melklyn halfpad tot twee derdes met die pit afbeweeg het. Korrekte ouderdom verseker voldoende suiker vir fermentasie en voldoende vog vir kompaksie.

Tipe fermentasie wat in die silo of bunker plaasvind

Die tipe fermentasie wat plaasvind, word bepaal deur verskeie faktore soos kaplengte, die spoed van opvulling en vastrap. Optimale fermentasie vind plaas in 'n anaërobiese omgewing, met ander woorde in die afwesigheid van suurstof. Dus, hoe vinniger suurstof uit die proses verwyder word, hoe beter gehalte kuilvoer kan geproduseer word.

Kaplengte

Die ideale kaplengte van kuilvoer is ongeveer 6 tot 12 mm. Kaplengte is belangrik vir twee redes:

- 'n te lang kaplengte maak kompaksie moeilik en suurstof sal dan vasgevang word in die kuilvoer wat 'n verswakte eindproduk tot gevolg het en
- 'n te lang kaplengte maak dit ook moeilik om effektief voer uit die bunker te haal sonder te veel vermorsing.

Opvulling, vastrap en seël

'n Kuilvoergat moet so vinnig as moontlik volgemaak en vasgetrap word. Hoe vinniger die proses voltooi word, hoe vinniger kan aërobiese respirasie stop en anaërobiese fermentasie plaasvind en dus vermorsing verminder. Vastrap is egter die heel belangrikste punt en moet die meeste aandag geniet.

Aandag moet gegee word om die kuilvoer voldoende vas te trap voordat die volgende vrag afgelaai word. Hoe effektiewer die kompaksie is, hoe beter sal die kwaliteit van die eindproduk wees. Die silo's moet so gou moontlik geseël word ná vastrap.

Sterk UV-bestande seile moet gebruik word. In warmer areas is dit ook 'n goeie idee om wit seile te gebruik om sodoende hitte op die kuilvoer te verminder. Seile

moet ook vasgepak word met ou bande of selfs 'n dun laag grond om addisionele kompaksie te verskaf en vermorsing te verminder.

Stoorstruktuur

'n Lang, smal bunker sal 'n beter gehalte kuilvoer tot gevolg hê. Die rede hiervoor is dat daar vinniger deur die bunker beweeg word tydens die uithaalproses en dus sal 'n kleiner persentasie voer op enige stadium blootgestel word aan aërobiëse respirasie. Die bunker moet só uitgedun word dat daar teen 'n minimum tempo van ongeveer 1,5 m per week deur die kuilvoergat beweeg word.

Byvoegsels

Algemene byvoegsels sluit in bakteriële inokulante, organiese sure, NPN-bronne, sout en ensieme. Meeste kuilvoer inokulante verskaf voordelige bakterieë, ensieme of fermentasie-substrate. Dié kan handige toerusting wees om kuilvoergehalte te verbeter. Dit is egter nie 'n vervanging vir swak kuilvoerbestuur nie.

Die uithaal- en voerproses

Hoewel die uithaalproses as 'n kort gedeelte gesien word en dikwels gesien word as slegs die laaste stap in 'n lang proses, kan dit in 'n relatiewe kort tydjie alle goeie en harde werk van die vorige seisoen vernietig. Meeste boere trap keer op keer in die slagyster van swak uithaalpraktyke en verstaan dan nie waarom hulle nie gehaltekuilvoer produseer nie.

Bunker-bestuur

Die ideaal is om voor elke voeding 'n nuwe vrag kuilvoer uit die bunker te verwyder. Algemene, maar wel swak praktyke, is om kuilvoer een maal per dag of selfs een maal in twee dae te verwyder vir die voer van diere. In so 'n geval word die kuilvoer blootgestel aan aërobiëse respirasie wat negatiewe fermentasie tot gevolg het en daar dan 'n swakker gehalte kuilvoer tot die beskikking van die dier is.

Tydens die uithaal van die kuilvoer moet aandag gegee word om die gesig van die bunker so netjies as moontlik te sny. Hoe netjieser die bunker is, hoe minder blootstelling is daar van die gesig aan suurstof, wat kan lei tot aërobiëse respirasie en swak gehalte kuilvoer. Daar moet ook moeite gedoen word om geen los kuilvoer voor die gesig van die bunker te los nie. Ná uitlaai moet seile teruggeplaas word oor die gesig van die bunker en weereens vasgepak word met bande. Dit is van uiterste belang dat die bestuursaspekte noukeurig gevolg word, aangesien dit al die harde werk van die vorige maande in die wiele kan ry.

Enige kuilvoer wat indikasies toon van swak fermentasie moet verwyder word en nie saam met die res van die kuilvoer gevoer word nie. Daar is dikwels 'n dun bruin laag bo-op 'n kuilvoerhoop. Die bruin laag is 'n goeie voorbeeld van kuilvoer wat moet verwyder word eerder as dat dit gevoer word. Die areas is 'n teelgrond vir die produksie van mikotoksiene en kan groot finansiële verliese hê sou dit in 'n rantsoen beland.

Mieliekuilvoer uit 'n voedingsoogpunt

Mieliekuilvoer is 'n goeie bron van energie maar tree ook op as 'n ruvoer. Daar is egter baie faktore wat in ag geneem moet word wanneer kuilvoer gebruik word as deel van 'n voedingsrantsoen.

Energie-inhoud kan varieer, afhangende van die gehalte van fermentasie, die ouderdom van gewasse tydens oes, asook

Bestuur kuilvoer

korrek vir beste resultate





algemene bestuurspraktyke. Die variasies moet in ag geneem word wanneer algemene rantsoene saamgestel word.

Styselinhoud van die kuilvoer is ook 'n belangrike aspek wat energie kan affekteer. Styselinhoud word nie net bepaal deur die hoeveelheid graan op die plant nie, maar ook deur die graan-tot-plant-verhouding.

Algemene tendense in vandag se tyd is om 'n plant te hê wat hoë, droë materiaalopbrengste verskaf en dit is dikwels die geval dat die styselverhouding verlaag.

'n Derde faktor wat 'n belangrike rol speel tydens formilasie is die voginhoud van die kuilvoer. Klein verskille in vog kan groot verskille in droë massa-inname en algemene rantsoenbalansering veroorsaak. Dit is belangrik om gereeld monsters te neem van kuilvoer aangesien vog kan verskil soos daar deur die bunker beweeg word.

Die laaste faktor wat indirek 'n rol kan speel op voeding, is die vorming van muf en mikotoksiene in die kuilvoer. Daar kan algemeen aanvaar word dat mikotoksiene in feitlik alle kuilvoer aanwesig is. Swak bestuur sal egter die probleem vererger. Mikotoksienbinders kan algemeen gebruik word om die effek van die mikotoksiene in kuilvoer tot 'n groot mate te bekamp. Dit is egter nie 'n oplossing vir die probleem nie en die oplossing moet eerder gesoek word by die algemene bestuurspraktyke van die kuilvoer op die plaas.

Opsommend

Kuilvoer is 'n hulpbron wat volledig in die boer se mag lê om dit suksesvol te produseer en aan te wend. Die inkuilingsperiode is selde meer as twee weke van die jaar en indien dit reg bestuur word, sal dit die boer 'n voordeel gee vir die res van die jaar. Sou dit dan nie wys wees om tydens die periode al u aandag aan die maak van kuilvoer te spandeer nie?

'n Boer het eendag gesê: "Die koeie eet nie my verskonings nie" en dit kan in die geval van kuilvoer nie méér korrek wees nie.

Bron: www.deheus.co.za

Wat is deurvloei-proteïen?

Proteïen (vanaf natuurlike proteïen en ureum) word gefermenteer na peptiede en aminosure deur die rumenmikrobes. Sommige aminosure word verder afgebreek na organiese sure, ammoniak en koolstofdiksied. Ureum word dadelik afgebreek na ammoniak.

Die rumenmikrobes gebruik dan die ammoniak, klein peptiedes en vrye aminosure om weer hulle eie "liggaamsproteïene" op te bou. Wanneer die

rumenmikrobes afsterf of die mikrobepopulasie toeneem, vloei dié dan deur die rumen en word na die abomasum en dunderm vervoer waar hulle selproteïene dan geabsorbeer word (dit staan bekend as mikrobiiese proteïen). Hierdie moet nie met deurvloei-proteïene verwar word nie.

Deurvloei-proteïene is dié deel van die dieetproteïene wat fermentasie deur die rumenmikrobes vryspring en deurvloei na die abomasum en dunderm (laer spysverteringskanaal), dus word dit "deurvloei-proteïene" genoem. Die proteïene wat in die rumen afgebreek word, staan bekend as rumen-degradeerbare proteïen (RDP) en 'n ander naam vir deurvloei-proteïene is rumen-ondegradeerbare proteïen (ROP). Onthou, dit is altyd goed om 'n deel van die dieetproteïen in die vorm van ROP te hê.

Geskryf deur Adéle Rothmann, Diervoedingkundige, KK Animal Nutrition.

Bron: <http://landbou.com/kundiges/vra-vir-faffa/>

Wat is

Bestuur kuilvoer korrek vir beste resultate



Laktose: Dit is 'n suiker wat ook melksuiker genoem word en in melkprodukte teenwoordig is. Organismes kan laktose fermenteer om energie te kry en melksuur word gevorm. Jogurt is 'n produk wat so vervaardig word.

Fermentasie: 'n Anaërobiese proses waartydens organiese voedsel omgesit word in eenvoudige verbindings en energie (ATP) word gevorm. Dit kan plaasvind in vrugte, bakterieë, giste en spiere. Dit staan bekend as melksuurfermentasie indien dit in spierweefsel plaasvind.

Sellulêre respirasie: 'n Vorm van katabolisme wat in lewende selle plaasvind. Dit verwys na aërobiese en anaërobiese respirasie.

Oksidatiewe fosforilasie: 'n Fase van sellulêre respirasie, wat in mitochondrium plaasvind, waartydens energierike waterstofatome van een koënsiem na 'n ander oorgedra word en ATP en water gevorm word.

Kristas: Invouings van die binneste membraan van die mitochondrium wat die oppervlakte vir selrespirasie vergroot.

Aktiewe vervoer: 'n Tipe vervoer waartydens ione of molekule teen die konsentrasiegradiënt beweeg. (Dit beteken die beweging is in die teenoorgestelde rigting as dié van diffusie.) Hierdie proses benodig energie en draerproteïene.

Etanol: 'n Kleurlose, vlambare, vloeistof wat maklik verdamp en gevorm word tydens fermentasie. Dit word ook etiel-alkohol genoem.
Verbranding: Die reaksie van 'n stof wat met suurstof brand.

Akklimatisasie: Die proses waartydens 'n organisme fisiologiese aanpassings maak om by die omgewingstoestande aan te pas.

Krebs siklus: Deel van selrespirasie wat in die mitochondrium plaasvind, waartydens energierike waterstof en koolstofdoksied gevorm word.

Katabolisme: 'n Tipe metabolisme waartydens biochemiese prosesse in 'n sel plaasvind en wat lei tot die afbreek van komplekse samestellings in eenvoudiger samestellings.

Mitochondrium: Organelle in selle waarin die Krebs siklus en oksidatiewe fosforilasie van selrespirasie plaasvind.

Glikolise: Die fase van sellulêre respirasie wat in die sitoplasma plaasvind en waartydens glukose na pirodruiwesuur afgebreek word.

Asemhaling: Die fisiese proses om lug by die respiratoriese kanaal in te trek en uit te blaas.

Adenosientrifosfaat (ATP): Die molekule wat energie vasvang tydens die chemiese reaksies van selrespirasie. Dit bestaan uit adenien en ribosesuiker, wat aan drie fosfaatgroepe geheg is.

Anaërobiese respirasie: Selrespirasie wat plaasvind in die afwesigheid van suurstof en waartydens energie uit glukose en ander voedsel vrygestel word.

Aërobiese respirasie: Selrespirasie wat suurstof vereis en waartydens glukose afgebreek word om energie in 'n reeks stappe vry te stel.

Beoefen bewaringslandbou met 'n goeiedeklaag

Agtergrond

Suid-Afrika en 'n groot gedeelte van die wêreld, gaan tans onder droogte gebuk wat voedselsekurniteit bedreig. Droogte beteken minder reën, en reën wanneer dit nie verwag word nie, wat die suksesvolle aanplanting van gewasse met konvensionele metodes baie problematies of onmoontlik maak.

Die toekoms

Deur kakiebos een keer in 'n gewasroteringsiklus te gebruik, word 'n duursame deklaag binne drie maande gevorm wat dit moontlik maak om vog te bewaar (selfs met baie lae reënval), en dus die opbrengs drievoudig te verhoog en die plantvenstergeleentheid aansienlik te vergroot.

Hoekom moet ons aandag skenk?


“Suid-Afrika, die grootste mielieprodusent op die vasteland, sal waarskynlik vanjaar sy kleinste oes sedert 2007 lewer nadat die land die laagste reënval sedert rekord begin hou is, ondervind het weens die globale El Nino-weerpatroon,” sê Tshepiso Mokheba in die *Commodities* van 28 Januarie vanjaar.

Wat sal die basiese implikasies van hierdie stelling wees? Laer reënval (droogte) is siklies. Dit volg 'n bepaalde kurwe. Dit kan ook lei tot negatiewe vog, wanneer meer vog uit die grond getrek word as Dit kan ook lei tot negatiewe vog, wanneer meer vog as die plantbeskikbare grondvog minimum persentasie, aangesien net n deel van die vog in die grond beskikbaar is vir plantgroei. Ons kan die toekoms op twee wyses voorspel – met data en grafieke, of verbale weergawes en prentjies.

Heilbron/Petrus Steyn



Petrus Steyn / Lindley



Hierdie is maar twee van duisende foto's wat die storie vertel van drie dorpe (al die dorpe in Suid-Afrika word nie hier genoem nie). Ouer boere sal vir jou vertel dat feitlik al die gras van Heilbron tot by Frankfort gevrek het tydens die vorige droogte en dat net die bogrond gesien kon word.

Die laaste drie jaar het ons al minder en minder gras en al hoe meer kaal kolle gesien. Maar op grond van foto's van die vorige droogte, is ons nog nie halfpad deur hierdie droogte nie.

Terselfdertyd het Michael Muller van die plaas De Cypher naby Carnavon in die Noord-Kaap 30 ton mielies op 3 ha geoes.

Met behulp van moderne of alternatiewe produksiemetodes, kan Suider-Afrika

- vanjaar meer as R20 biljoen bespaar op mielie-invoere;
- plaaslike landbou-poste behou;
- plaasinkomste stabiliseer en dus ons boederykapasiteit behou;
- voedselsekerheid verseker en dus maatskaplike stabiliteit behou vir die volgende drie jaar van droogte wat nog kan volg; en
- oorskotte produseer om die biobrandstofbedryf in staat te stel om graan te fermenteer voordat dit aan diere gevoer word, en om weereens 'n vername uitvoerder te word van oliekoek en plantolies.

Die uitdaging om konvensionele landbou te omskep in bewaringslandbou

Wanneer grond vir jare geploeg, geëg of gebrand is, is die uitdaging om 'n vogbehoudende organiese deklaag te vorm. Dit kom gewoonlik teen 'n prys. As hierdie deklaag nie substansieel is nie, kan laer opbrengste verwag word totdat die regte deklaag gevorm is.

Kakiebos bied 'n gratis deklaag wat binne drie maande kan vorm. Ons het byvoorbeeld in die 2015-seisoen 'n hele paar duisend hektaar kakiebos geoes. Wanneer nodig het ons dit as veevoer vir die boer op wie se plaas ons dit geoes het, teruggegee. Andersins het ons dit by ons aanleg in Heilbron afgelaai waar ons dit in die winter as veevoer gebruik het. Die laaste vrugte is in Junie 2015 afgelaai.

Op 27 Maart vanjaar het een van die vragmotors op 'n gedeelte van die deklaag gery en vasgesit vanweë die vog.



Vragmotorspore op droë grond en deklaaggrond
Geen deklaag – 20% vogtig

Die huidige geskatte jaarlikse 12 miljoen ton mielies kan met deklaag en grondverbetering tot 36 miljoen styg.

Dit is 'n verhoging in produksie van 24 miljoen ton @ R3000/ton = R120 biljoen jaarlikse addisionele inkomste met dieselfde reënval.

Unieke navorsing- en ontwikkelingsgeleentheid



Foto: Jordaanrivier, Loch Athlone-dam op Bethlehem in Mei 2016

Ons het nou syfers genoem, prentjies geskets van die toekoms en 'n paar voorbeelde gewys van navorsing wat ons oor die laaste paar jaar gedoen het.

Om aan hierdie landboumetode geloofwaardigheid te verleen, moet die verskillende en geaffekteerde partye 'n gesamentlike studiegroep vorm om die navorsing verder te voer en die resultate te publiseer of te bemark om die biljoende rande se potensiaal vir Suider-Afrika te ontsluit.

Die 100 ha kakiebos op die meentgrond van Dihlabeng-munisipaliteit is vir hierdie navorsing gereserveer. Ons het ook 'n 1 000 ton van die materiaal vir navorsingsdoeleindes gereserveer om dit met verskillende stelsels te toets.

Die oomblik wat 'n bestaande instansie of studiegroep hierdie navorsing kan aanpak of 'n nuwe toegewyde studiegroep gevorm word, kan die finale ooreenkomste aangegaan en die navorsing- en ontwikkelingsplan geïmplementeer word.

Uitkoms: Minder of geen afloop/wegloop water vir reënbuie groter as 25mm verhoogde water penetrasie. Aansienlik minder verdampings verliese vir reënbuie kleiner as 7mm, aangesien minder onkruid-waterverbruik word, wat ons nie kan beheer nie, is die tyd wanneer dit gaan reën. Is daar enige vergewensgesinde kontantgewasse?

Ons het twee keuses:


- Uurglasplante – mielies, sonneblom, soja. Die oomblik wat ons ontkieming iniseer, begin die dagaftelling na afsluiting. Ongelukkig weet ons nie

wat die weerpatroon vir die volgende 90 tot 135 dae gaan wees nie. Die plantvenster strek ook net van Oktober tot Januarie.


- Of plante soos canola, wat enige tyd van die jaar gesaai kan word solank daar vog beskikbaar is. Dit sal die olie van sonneblom, die proteïen van soja en die groenvoer van voersorghum lewer.

Ons kan dus nou met gepreserveerde vog boer eerder as met verwagte vog (wat dalk nie mag kom soos ons verwag nie). Mielies as 'n voorbeeld word geproduseer met vog dieper as 10mm.

Canola kan ook tot kuilvoer verwerk word om die oestyd te beheer aangesien dit vir 24 maande groei. Dit kan verskeie kere teruggehou word totdat die ideale toestande vir saadproduksie heers.



Sonop, Petrus Steyn, 2012



Kaallaagte, Betlehem, 2012



Vrystaatdroëgrond-canola in vergelyking met besproeide soja.

Hoe kan daar met die minimum ongemaak oorgeskakel word na bewaringsbewerking?

Die opbou van gesonde gronde, waarop gesonde, goeie gehalte produkte verbou word, is moontlik met bewaringsbewerking. Die drie pilare van bewaringsbewerking is (i) geen-bewerking; (ii) wisselbou met so veel as moontlik gewasse; en (iii) grondbedekking met gewasreste en dekgewasse. Kenners is dit eens die ideaal om van konvensionele bewerking na bewaringsbewerking oor te skakel, is deur vir 'n aantal jare graslande te hê waartydens koolstofvlakke verhoog word en grondlewe wat deur jare se bewerking afgebreek is, terugkeer na aanvaarbare vlakke. Om egter nou selfs net een hoë potensiaal land uit kontantgewasproduksie te haal, is nie altyd moontlik of wenslik nie.

Tydens die 1980's was tot 'n miljoen hektaar koring op nie-hoë potensiaal gronde van die Vrystaat

en ander somerreëvalareas verbou. Nadat dit onekonomies geraak het, onder andere weens veranderde reënvalpatrone en nie-optimale opbrengspotensiaal weens tekort aan navorsing/kultivarontwikkeling, het koringverbouing in somerreëgebiede tot die huidige minder as 100 000 hektaar geval. Teoreties is daar dus sowat 900 000 ha waarop deur bewaringsbewerking, ekonomies haalbare gewasverbouing moontlik is met bewaringsbewerking.

Teenoor voglobewaring met deklaag of dekgewas, lei elke bewerking tot ± 25 mm vogverlies, verdere verdamping, afbreek van grondlewe en -struktuur. Na skatting veroorsaak gewasreste of deklaagbewerking dat tot 50 mm ekstra vog beskikbaar is in laat somer. Dit is egter ook 'n feit dat infiltrasietempo met 'n deklaag dubbeld dié van konvensionele bewerking is. Met 'n hoër waterhouvermoë as gevolg van hoër koolstofinhoud sou 'n mens dus kon redeneer dat hierdie 'laer' potensiaal lande nou met bewaringsbewerking goeie potensiaal lande is.

Brassica's soos canola se goeie wisselbouvoordele is die ideale gewas om van daardie graslande, nou met beter voghouvermoë, terug te bring in produksie. In navorsing by die Universiteit van KwaZulu-Natal vir die Waternavorsingskommissie is gevind canola het die kleinste effek op stroomvloeivermindering van alle biobrandstofgewasse wat getoets is. Dit impliseer canola is 'n ideale dekgewas.

Met canola se wye toepassingsgeleenthede, hetsy as weiding, hooi, kuilvoer, proteïenbron en/of kontantgewas, kan dit ook enige tyd van die jaar aangeplant word. Dit kan byvoorbeeld met 'n lente-planttyd deur vroeg-somer beweie word en van einde Desember gelaat word vir 'n saadoes einde herfs; of beweie deur somer tot middel winter en laat uitgroeie vir saadoes volgende lente. Hoewel potensieël weidings dus vervang word, hoef vee nie verminder te word nie aangesien canola met beter kwaliteit en tonnemaat in werklikheid veeproduksie kan verhoog.

Weens vermindering van siektes verhoog opbrengs van grastipe gewasse soos koring en mielies met tot 25% ná canola. Dit kan dus koring weer winsgewend maak. Wisselbou met canola lei ook tot meer en groter erdwurms, terwyl siektes soos vrotpootjie, fusarium en probleme met knopwortelaalwurms verminder. 'n Ideale wisselbou, waar canola vroeg genoeg geplant en/of vee vroeg onttrek word om 'n Oktober/November-oes te bewerkstellig, kan dus wees canola, mielies, soja, koring/canola.

Waar kakiebos as dekgewas benut is, kan dit voordelig wees om canola in die oesreste, waar goeie vog bewaar word, te plant. Die canola kan dan beweie word in herfs en winter, opgevolg met mielies. Sou die seisoen ongunstig wees om mielies te plant, kan voortgegaan word om die canola te beweie totdat voldoende reën 'n saadoes moontlik maak. Hierdeur word risiko baie goed versprei.

As voëls jou lewe versuur...



deur Hannelie Cronjé

Net so mooi en lekker as wat dit is om soggens met die gekwetter van voëltjies wakker te word, net so kan dit die hare op 'n saaiboer se kop laat regop staan, want daai vrolike voëltjies sit hoeka en bespreek op watter landery en boorde hulle vandag gaan toesak vir ontbyt, middag- én aandete!

Hoewel die geveerdes beslis 'n belangrike deel vorm van die ekologie ten opsigte van bestuwing en om die veld skoon te hou van karkasse, kan voëls ook 'n pes wees wat baie mooi "bestuur" moet word. Behalwe dat hulle op plase miljoene rande se skade aan oeste aanrig of hulle bondeltjies mis op jou pas gelaaide oes kom deponeer, maak hulle in dorpsgebiede ook 'n oorlas van hulself en kan 'n plek lelik bemors en geute laat verstop, wat jaarliks tot miljoene rande se skade bydra. Boonop kan hulle ook allerhande siektes en insekte aandra wat mense siek kan maak. Die voëlmis lok vlieë wat op hulle beurt onaangenaam is en net soveel siektes kan versprei.

Voëlneste lok onder andere kewers en ander insekte wat hul intrek in 'n gebou kan neem en die gebou kan infesteer. Mossies en duiwe dra benewens verskeie bakterieë ook salmonella, wat voedselvergiftiging veroorsaak. Duiwe is weer draers van *ornithosis*, 'n siekte soortgelyk aan virale longontsteking.

Maar al sorg voëls vir skade aan ons geboue, ons oeste en ons gesondheid, kan 'n mens hulle ook nie na willekeur sommer net skiet of vergiftig nie. Wetgewing oor voëlbeheer is baie streng uiteengesit in die wet op voorkoming van wreedheid teenoor diere en die ordonnansie op natuur- en omgewingsbewing. Voëls mag op geen manier doodgemaak word nie, maar afweermiddels word wel toegelaat. Voëls mag ook gevang en op 'n ander plek vrygelaat word.

Op die webblad van die maatskappy Eagle Eye Bird Control, wat die publiek op omgewingsvriendelike maniere help om voëlbeheer toe te pas, lees ons dat die tien voëls wat as die grootste kwaaddoeners beskou word, die volgende is:

Huismossie – *Passer domesticus*



Die huismossie is baie aanpasbaar en swerms van hulle sal op enige plek waar daar kos is, hul intrek neem.

Huiskraai – *Corvus splendens*



Die huiskraai kom oorspronklik van Asië en kan baie aggressief raak. Hulle maak hul neste graag in bome se mikke, bo-op geboue of op telefoonpale.

Witborskraai – *Corvus albus*



Die witborskraai kom ook uit Asië uit en vreet enigiets wat voorkom. Dis 'n intelligente voël wat ook goed aggressief kan raak, en ook sy nes in bome, op huise se dakke en op telefoonpale maak.

Hadeda Ibis – *Bostrychia hagedash*



Die hadeda is 'n inheemse spesie wat sy naam vanweë sy raserige geskree gekry het. Hulle wei op die grond rond en vreet sade en ook insekte. Neste word in bome en op kragpale gemaak.

Europese spreeu – *Sturnus vulgaris*



Die Europese spreeu is ook nie uitsoekerig oor wat hy vreet nie – van sade tot wurms en insekte, bessies tot afvalkos. Sy nes word in bome aangetref.

Rotsduif – *Columba livia*



Rotsduiwe woon meestal in die dorp waar hulle in bome of in openinge by geboue hul neste sal maak, tot op die sypaadjies sal wei om vir iets te ete te soek en lelke blertse teen behoue se mure los.

Indiese spreeu – *Acridotheres tristis*



Die Indiese spreeu hou meer van vleis soos insekte as van sade, en veral springkane is sy kos.

Egiptiese gans – *Alopochen aegyptiacus*



Egiptiese ganse maak nes by die water, maar soggens trek hulle in groepies na nabygeleë landerye om kos te kry. Damme, riviere en ander waterbronne is hulle natuurlike habitat.

Rooivlerkspreeu – *Onychognathus morio*



Die rooivlerkspreeu met sy kort beentjies en sy kenmerkende hop-hop in plaas van stap, wei ook op die grond rond op soek na saadjies en insekte.

Hartlaubse meeu/Sterretjie – *Larus hartlaubii*



Die Hartlaubse meeu is 'n seevoël wat baie astrand kan raak en daarvan hou om naby restaurante rond te hang en kos uit jou bord te gryp. Andersins besoek hulle tuine en parke

of gaan aas by vissersbote of in vars geploegde landerye waar hulle wurmpies en goggas vang.

As **voëls** jou lewe versuur...



Eagle Eye Bird Control maak dit hulle werk om diere se gewoontes en gedrag te bestudeer. Op grond daarvan het hulle verskeie patente en produkte ontwikkel wat voëls die skrik op die lyf jaag.

Windgedrewe Eagle Eye



Die windgedrewe Eagle Eye-eenhede het letterlik net wind nodig om hul werk te doen. Dit word egter nie aanbeveel vir gebiede waar die wind baie sterk waai of waar daar feitlik nooit wind waai nie.

Dié eenhede kan ook bo-op geboue opgesit word.

Daar word ook aanbeveel dat hierdie eenhede in samewerking gebruik word met ander eenhede wat wel gemotoriseer is.

Eagle Eye FlashFlag



Die FlashFlag is grootliks vir die landboumark ontwerp. Hierdie "voëlverskrikker" draai en swaai in die wind sodat die weerkaatsing soos vlamme lyk. Dit word ook ontwerp om voëls te waarsku teen gevare in die omgewing. Op die ou einde sal die voëls wegtrek na 'n ander, veiliger omgewing buite die sig van die FlashFlags.

Dit word gemaak van 'n UV-gestabiliseerde stof wat reflekteer en aan die een kant goud en die ander kant silwer is vir landvoëls, en vir seevoëls word rooi en goud gebruik.

Die twee kleurspektrum speel 'n belangrike rol, want voëls sien ander kleure as mense.

Op bewolkte dae gaan hierdie instrumente nie so doeltreffend wees soos wanneer die son skyn nie, maar sodra die son weer agter die wolke uitkom, sal die voëls weer die hasepad kies.

Hoewel dit ander voëls ook die skrik op die lyf sal jaag, slaan veral Egiptiese ganse, hadeda ibisse, duiwe, mossies en spreeus vinnig op die vlug.


Silwer en Goud Eagle Eye vir spreeus



Ná talle jare van navorsing vir 'n produk wat die groeiende hoeveelheid spreeus sal verwilder, het Eagle Eye nou tot die slotsom gekom dat silwer en goud gekombineerd spreeus die meeste van koers af bring. Die eenhede wat die gevolg van die navorsing is, het twee silwer sye en twee goue sye wat deur die spreeu waargeneem kan word en hom afskrik.

Verwilder hulle met geraas

Nightmare Sound System



Die Nightmare Sound System word hoofsaaklik ook gebruik om duiwe, knaagdiere en vlermuise te verwilder, maar beskik ook oor drie klankmodules wat wel vir die mens hoorbaar is, wat ander klein voëlsoorte sal laat uitwyk.

Met die eerste twee verstellings sal net eersgenoemde drie diere ander blyplek soek, maar met die drie hoorbare verstellings sal ook mossies, sprees en meeste ander klein voëlspesies die wyk neem.

Laasgenoemde drie verstellings is veral gewild vir installasie by store en skure of selfs buite by plekke waar daar nie mense naby is wat deur die klank gesteur kan word nie. Die vyfde verstelling sal voëls en ook diere verwilder. Die klank varieer tussen frekwensies en het nie 'n vasgestelde patroon waaraan die voëls gewoon kan raak nie. Dié stelsel kan ook met 'n tydreëlaar gereguleer word om net snags aan te skakel wanneer die voëls kom slaap.

Eagle Eye Pro-Peller

Die Pro-Peller is spesiaal ontwerp vir landboudoeleindes en is baie doeltreffend op 'n verskeidenheid voëlsoorte. Dit is 'n windaangedrewe produk wat in verskillende rigtings sonflitse uitstraal waarvoor voëls baie bang is. Verskillende kleure word gebruik vir verskillende voëlsoorte. Dit werk veral doeltreffend vir vinke, duiwe, muisvoëls, sprees, kolganse en kraai wat groot skade aanrig op landbougewasse. Die Pro-Peller moet 1 m bokant die landbougewas geïnstalleer word.



Prevent Crop DAMAGE



Agricultural Bird Control

The Eagle Eye system comprise a cost-effective, open air bird control system proven to deliver significant pest bird population reduction.




Bird damage is a persistent and severe problem for many farmers. The Eagle Eye product range is an open area bird control system that is being used very successfully in Agriculture and Horticulture.

Pest birds are irritated and driven away by light spectra reflected from the Eagle Eye system. Birds don't become accustomed to the light.

Wheat, grain, sunflowers, vegetables, fruit, rice, vineyards, etc. can now be protected with the Eagle Eye system.

Losses from bird damage can be reduced by up to 60%!

System Components



This system has been successfully used for more than 10 years internationally.

www.eagleeye.co.za
Tel: 087 237 9600



The Eagle Eye functions by reflecting arcs of sunlight beams over the area to be protected. Birds are sensitive to bright full spectrum light because its intensity irritates their eyes, and this sensitivity combined with the movement, results in the birds not becoming accustomed to the unit.

- To ensure effective functionality for the Eagle Eye, it is necessary to:
- Place it in the correct area
 - Position it high enough above the harvest
 - Place the units in direct sunlight
 - Ensure that the reflecting surfaces are kept clean

It is essential that the units are placed at least 3 - 4 weeks before the harvest is ripe enough to be attractive as food for the birds.



RAM-, LAM- & OOI-KORRELS

Ram-, lam- en ooi-korrels is perfek vir gemengde troppe wat saam wei, van alle ouderdomme. Elke individu sal voordeel put uit hierdie produk. Dit is veral gewild by intensiewe stelsels met drie dekseisoene oor twee jaar. Die korrels bevat ammonium-chloried om blaasstene by ramme en hamels te minimaliseer. Kan teen 2kg/ram/dag gevoer word om optimale kondisie en produksie te verseker tydens die kort dekseisoen. Ter voorbereiding vir dekking kan ooië Ram-, Lam- en Ooi-korrels gevoer word vir vinnige herbesetting. Lammers wat blootgestel is aan korrels voor speen wys verbeterde groei, dit verminder speenskok en kan afrondingsfase begin kort na speen. 'n Volledige reeks van vitamieë en minerale word ingesluit om optimale liggaamsfunksie te verseker. Dit is beskikbaar in 50 kg sakke asook in losmaat.

LAMHOKKIE-KORRELS

Die Lamhokkie-korrels is 'n smaaklike, volledige korrel van hoë kwaliteit wat vir die laaste drie weke van dragtigheid gevoer word as aanpassing. Dit veroorsaak dat die ooi genoegsame melk produseer vir die lammers. In intensiewe en ekstensiewe stelsels gee lamhokkie-korrels 'n voordeel aan die lam, veral by tweeling.



Kies 'n **wenner**, kies

nu-pro
FEEDS / VOERE

SPEZIALE AANBOD



WEGGEEPRYS op Ram-, Lam- & Ooi- Korrels

Geldig tot September 2016

BEPERKTE VOORRAAD

Bestellings kan vooruit geplaas word

Min direkte aflewering:

300 X 50 kg sakke / 15 ton losmaat

BESKIKBAAR BY ALLE

vk^b & nt^k

HANDELSTAKKE!!

Bepalings En Voorwaardes Geld.

Pryse Sluit Vervoer In.

Aankope Is Betaalbaar 30 Dae Vanaf Staat.

PRYSE:
vk^b → R205/50 KG
(BTW uitgesluit)

nt^k → R223/50 KG
(BTW uitgesluit)

Vir verdere
BESPARINGS...
kontak jou handelstak
of bemarker vir
direkte bestellings

*NuPro staan die
boere by in die droogte*

nu-pro
FEEDS / VOERE

Joubertstraat, Bethlehem, 9700 • Tel.: 058 303 9587/9

Faks: 058 303 7062 • www.nupro.co.za



Vereer handelstakke
sê prestasie van
voer verkope



1ste

Heilbron
Dries Theron
Wouter Fourie



2de

Bethlehem
Jenine van der Walt
Surita Ackerman



3de

Senekal
Gerrie van der Merwe
Marni Jacobsz

Nu-Pro se dankie vir **10 Jaar** diens



Clifford Nyindi
Produksiebestuurder



John Maya
Produksie-operateur



Samuel Mofokeng
Voormengsel-operateur



OPLOSSINGS VIR ELKE PES EN PLAAG



Wonder 4:1:1 (24) korrel kunsmis + insekdoder, is 'n misstof asook 'n kontak - en Haag aksie insekdoder vir die beheer van grasperkruspes op grasperke.

Efekto Plant Protector is 'n sistemiese insekdoder wat miere, molkriekie en grasdraer termiete op grasperke beheer. Beheer ook blaaspootjies en sugende insekte, op konifere, rose en ander sierplante in die huistuyn.



Garden & Home Pest Control

Registrasie houër: Agro-Serve (Edms) Bpk handelend as Efekto™ en Wonder™ Reg. Nr.1973/000868/07. | Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk, Reg. Nr. 2009/006357/07. Posbus 652147, Benmore, 2010. | Wonder 4:1:1 (24) + Insekdoder Reg. Nr. L9117 K8911 N-AR1268 bevat Imidakloprid (Chloro-nikotiniel)...0,5 g/Kg (Skadelik) | Efekto Plant Protector Reg. Nr. L8781 bevat Imidakloprid (Chloro-nikotiniel)...20 g/l (Skadelik). | KLIENTEDIENS: Tel: 086 133 3586 KU, info@efekto.co.za, www.efekto.co.za, NOODNOMMER: 083 123 3911. | Alle produkte is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947. | Efekto™ en Wonder™ is geregistreerde handelsmerke van Agro-Serve (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou.

Vergemaklik snoeiwerk die seisoen met ... Kalkswael en Steriseal



Kalkswael

'n Standaard oplossing vir bladwisselende bome (bv. rose en vrugtebome), word ook teen dopluise op perskes, knoppiesblaarmyt op wingerde en verskillende myte op sitrus gebruik.

Steriseal

'n Swamdoder snoeiwondmiddel vir die gebruik op rose, wingerde, struik en vrugtebome na snoei.

Kliëntediens: Tel: 0861 333 586 info@efekto.co.za www.efekto.co.za

Geregistreer deur: Agro-Serve (Edms) Bpk h/a Efekto Reg. Nr. 1973/000868/07 Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk, Reg. Nr. 2009/006357/07. Posbus 652147, Benmore, 2010. Kalkswael Reg. Nr. L4230 Aktiewe bestanddeel: Polissulfied Swael 320 g/l (Versigtig); Steriseal Reg. Nr. L4231 Aktiewe bestanddele: "Busan 1009" 10 g/kg en 8-Hidroksikinoliensulfaat 10 g/kg (Skadelik). Alle produkte is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947. Alle regte voorbehou.



Garden & Home Pest Control

Sakata se kool vir somerproduksie bied ware gehalte

Kool is oorspronklik 'n wintergewas wat gedurende herfs geplant word, deur die winter groei en in die lente geoes word. Met die verloop van tyd is nuwe variëteite geteel wat geskik is vir verbouing regdeur die jaar - selfs deur die winter. Die verskeidenheid kole wat vandag beskikbaar is, wissel in grootte, vorm en kleur. Die verbruiker kan kies en keur tussen koolkoppe van verskeie groottes, vanaf babakool tot koppe van 4 kg en selfs groter. Die vorms van die verskeie koppe kan ook wissel tussen spits, plat, semi-rond en rond. Daar is selfs ook 'n keuse tussen groen kool en rooi kool.

Vandag se bastervariëteite beskik verder oor goeie siekteweerstand wat nodig is vir die produsent om 'n goeie oes te verkry en om chemiese bespuiting te verminder. Suid-Afrika en Afrika is uniek in die sin dat ons hou van groot koppe vanaf 4 kg en selfs groter. Sakata se nuwe variëteit, **Optima**, bied presies wat die produsent verlang – goeie kwaliteit groot kole met uitstekende siektebestandheid.



Optima die nuwe somervariëteit met 'n baie hoë opbrengspotensiaal.

Optima beskik oor intermediêre weerstand teen swartvrot en is dus hoofsaaklik geskik vir areas waar die swartvrot-druk baie hoog is. Veral met die huidige wisselvallige klimaatomstandighede, bied dit die produsent addisionele versekering van goeie gehalte koppe. Die sterk groeier neem ongeveer 80 tot 100 dae om bekwaamheid te bereik nadat dit verplant is, afhangende van die temperatuur. Die groot raam beskerm die koppe baie goed teen sonbrand asook windskaide. Optima se koppe is semi-rond tot rond met 'n kopgrootte van tussen 3 en 5 kg – afhangende van die plantpopulasie, kan dit selfs groter wees.



Conquistador se uitstekende aanpasbaarheid in beide warm en koue toestande maak van hierdie variëteit 'n markeleier.

Oor die jare het **Conquistador** homself bewys as een van die leierkoolvariëteite in Suid-Afrika. Conquistador is wyd aanpasbaar met groot, groeiagtige plante en blare wat die koppe goed beskerm. Conquistador weerstaan beide hitte in somer, asook koue deur die winter baie goed. Die koppe beskik oor 'n uitstekende hou vermoë nadat bekwaamheid bereik is en bars nie maklik nie. Die groot koppe is 'n blou-groen kleur met 'n soet smaak en 'n uitstekende rակlewe, wat dit baie aantreklik maak vir smouse.

Saailinge

Dit is baie belangrik dat goeie kwaliteit, sterk saailinge geplant word. Swak saailinge lewer swak gehalte, klein koppe wat op die ou einde 'n lae opbrengs teweegbring. Die produsent moet ook seker maak dat die saailing se groeipunt nie beskadig is nie, aangesien dit daartoe kan lei dat die plant geen kop kan vorm nie, of meer as een kop vorm wat nie bemerkbaar is nie. Die saailinge moet verder ook nie te lank raak in die saailaai voordat dit uitgeplant word nie, aangesien lang saailinge ná uitplant kan verwelk en beskadig kan word deur die son. Dit is belangrik vir die produsent om gebruik te maak van 'n betroubare saailingkweker om te verseker dat die aanplanting van die begin af met goeie gehalte saailinge gevestig word. Sommige produsente poog om kostes te spaar deur hul eie saailinge te kweek, wat gewoonlik lei tot swak gehalte saailinge wat verskeie probleme tot gevolg het soos swak plantjies, lae uitsnypersentasies, swak eenvormigheid, siektes in die veld afkomstig van die saailinge, swak wortelstelsel en nog baie meer.

Uitplant van saailinge

Indien moontlik moet saailinge op beddings of op walle geplant word. Dit lei tot beter dreinerings van water wat minder grondsiektes beteken, asook die beskikbaarheid van meer suurstof in die grond. Die produsent moet verseker dat die saailinge se stam of wortel nie beskadig word tydens uitplant nie, aangesien dit kan lei tot die belemmering van groei en die vorming van klein koppe. Die wortelhuisie moet verder ook nie uitdroog tydens uitplant nie, omdat die saailing se wortels sal sterf en die saailing nie sal groei nie. Met die uitplant van saailinge, met die hand of met 'n planter, moet die produsent bewus wees van die volgende:

- maak seker dat die gate diep genoeg is dat die saailing se wortel nie buig, ingeforseer word of breek nie – dit kan beteken dat die plantjie slegs klein koppe sal vorm;
- maak seker dat die saailing se wortelstelsel reg ontwikkel is en dat die groeipunt nie beskadig is nie.

Grondvoorbereiding

Dit is belangrik vir die produsent om kennis te neem van die tipe grond waar die kool geplant word. Deur 'n profielgat te grou kan die produsent sien wat gebeur met die dreinerings asook die wortelontwikkeling van die plante in die grond. Hierdie observasie sal die produsent baie help in sy besluit oor hoe om die grond te bewerk. 'n Diep bewerking om die ploegsool te breek en om dreinerings aan te help, gevolg deur saadbedvoorbereiding met 'n beddingmaker word aanbeveel. Voor opkoms kan kunsmis saam met die bedvoorbereiding ingewerk word.

Bemesting

Dit is verder belangrik vir die produsent om 'n grondmonster te neem en dit te laat analiseer, sodat 'n sorgvuldige bemestingsaanbeveling gedoen kan word. Die korrekte bemestingsprogram dra by tot 'n gesonde oes met 'n hoë opbrengs van gehalte-koolkoppe. Sakata lewer 'n diens aan die produsente deur bemestingsaanbevelings te maak wat variëteitspesifiek is. Kontak ons gerus indien u van hierdie diens gebruik wil maak.

Vir meer inligting oor Sakata se koolvariëteite of produkkreeks, skakel ons by 0861 100 458 of besoek ons webwerf

www.sakata.co.za

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.





OPTIMA

- 🌱 Uitstekende somervariëteit
- 🌱 **Uitstaande hittetoleransie**
- 🌱 Intermediêre bestandheid teen Swartvrot

Sakata kool variëteite:



Optima



Conquistador



SAKATA[®]

PASSI^{ON} in Seed

MayFord

Tel: 011 548 5800

www.sakata.co.za

e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE



wat werk 4



Goeie wenke is soms soos 'n ekstra paar hande. Wanneer jy 'n paar wenke het wat 'n mens in en om die huis kan aanwend om kos lekkerder te maak, skoonmaakwerk makliker te maak of die skynbaar onmoontlike kan regkry, laat weet ons asseblief daarvan.

Suiker

- * Gooi 'n bietjie asyn en suiker by uie wat gesmoor word. Dit sal 'n lieflike ligbruin kleur en 'n aangename geur aan die uie verleen.
- * Gooi een teelepel Jik en een teelepel suiker in die water by blomrangskikkings om die blomme langer vars te hou.
- * Gooi een teelepel suiker in die koekie/beskuitblik om die gebak vars te hou.
- * Indien 'n warmfles lank gaan staan, gooi 'n paar suikerklonte in die fles om klammigheid uit te hou.
- * Kaas sal nie muf as 'n klontjie suiker in die bak gehou word nie.
- * Kleinkoekies bly langer vars as jy 'n laag suiker onderin die bak strooi.
- * 'n Stuk brood in die houer oornag maak bruinsuiker wat hard geword het weer sag.
- * Om groente gouer te laat sag kook, voeg 'n teelepel suiker by terwyl dit kook.
- * Om te keer dat appelkooskonfynt nie uit appelkooskonfyttertjies loop nie, klits een eierwit en een teelepel suiker goed en smeer aan die rand.
- * Vir droë hande en selfs voete wat nie van die koue winterweer hou nie, probeer melksalf of meng olyfolie en suiker en vryf goed in. Spoel af, droog liggies af en vryf dan die hande of voete totdat al die olie geabsorbeer is.

- * Sit bietjie van 'n mengsel van 100 ml water, 200 ml suiker en 50 ml Borax (kry by apteek) uit waar miertjies voorkom, sodat hulle dit kan nes toe dra. As 'n mens sien hulle staan sulke kringe om die stroop, is dit 'n goeie teken dat hulle dit geniet. Sorg dat stroop altyd beskikbaar is. 'n Mens sien nie onmiddellik resultate nie, maar na drie tot vier weke begin jy agterkom daar is nie meer miere nie. Hulle dra die stroop nes toe, voer die ander miere en koningin daarmee en die hele nes vrek uit.
- * Skurwe elmboë kan in 'n halwe suurlemoen met een teelepel suiker daarin gevryf word.
- * Strooi suiker bo-op snye – dit sal help dat die bloed vinniger stol.
- * Suiker en botter sal gouer meng as 'n bietjie suurlemoensap bygevoeg word.
- * Vir 'n lastige hik, trek asem diep in en hou 25 sekondes lank so. Eet dan een teelepel bruinsuiker gedoopte in asyn.
- * Wanneer 'n gereg te sout is, gooi bruinsuiker teelepelsgewys by totdat die ergste soutsmaak weg is.

Vis

- * Gooi bietjie asyn by olie waarin vis gebraai word. Die vis absorbeer minder olie.
- * 'n Stukkie brood in die pan waarin vis gebak word, sal voorkom dat die olie spat.

Vleis

- As kerrie te sterk gemaak is, voeg 'n bietjie suurlemoensap of gewone joghurt by.
- As vleis aangebrand het, voeg bietjie melk daarby en kook weer. Dit neem die brandsmaak weg.
- Die vel van tong sal makliker aftrek indien daar asyn by die water gegooi word as die tong gekook word.
- Doop wors in kookwater voordat jy dit bak, dan sal dit nie oopbars nie.
- Gooi 'n teelepel water by wanneer jy maalvleis braai. Dit help om die vet uit die maalvleis te kry.
- Gooi suurlemoensap/asyn by vleis om dit sag te maak.
- Maak die smaak van 'n kerriegereg anders deur 'n fyn gekapte nartjieskil by te voeg. Droog die skil uit deur dit in die yskas te bêre.
- Moet nooit braaivleis met 'n vurk steek wanneer jy dit op die kole omdraai nie; gebruik eerder 'n braaitang.
- 'n Bietjie asyn in die olie verhoed dat vleis wat in krummels gerol is gou vasbrand in die pan.
- 'n Heerlike manier om 'n varkboud gaar te maak is om 'n blikkie Coke in die pan te gooi. Maak die varkboud toe in foelie. Bak die boud tot net so 'n halfuur voor gaar. Verwyder die foelie en bak vir die laaste halfuur. Die sous van die varkboud en die Coke meng dan om 'n heerlike sous te maak.

Boererate en verbruikerswenke

- Natuurlike jogurt is 'n natuurlike vleissagmaakmiddel. Sit biefstuk of hoender in joghurt en los vir agt ure in die yskas.
- Om hoendervleis sag en sappig te hou, gooi 'n koppie suurlemoensap oor voordat dit gaargemaak word.
- Om vleis sag te maak wanneer jy dit stowe, gooi twee teelepels gemmer by.
- Smeer asyn en sout aan vleis. Dit versag die vleis en sal verhoed dat dit gou bederf.
- Spek sal nie omkrul as dit in kookwater gedoop word voordat dit gebraai word nie.
- Sprinkel 'n bietjie sout in die braaipan om gespat te voorkom. Plaas 'n vergiettes onderstebo oor die pan sodat stoom kan ontsnap maar vet nie uitspat.
- Strooi fyn gemmer oor gebraaide varkvleis – dit gee 'n heerlike geur.
- Taai vleis kan saggemaak word deur vooraf bakpoeier oor te sprinkel.
- Vir geurige vaktjops, rol elke tjoppie eers in fyngedrukte Corn Flakes of broodkrummels voordat dit in olie gebak word.

- * Voeg 'n avokadopeer by 'n bredie net voordat jy dit opskep. Dit gee die bredie 'n heerlike ryk, romerige smaak.

Vrugte

- * Vrugtevlekkie moet net met kookwater afgespoel word en dan moet die materiaal in die son drooggemaak word.

Appels

- * Appels word makliker geskil indien dit vooraf 'n paar minute lank in kookwater lê.
- * Gebakte appels sal nie plooi indien jy 'n paar klein snytjies in die skil maak voor dit gebak word nie.



Druive

- * Om druive te skil, doop dit vir twee minute in kookwater en dan in koue water.

Pere

- * Om jou pere gouer ryp te maak, plaas hulle in 'n plastieksak met 'n appel in. Maak 'n gaatjie in die bokant en laat staan op 'n warm plek.

Piesangs

- * As piesangs bruin word voor jy dit geëet het, kan jy dit gebruik deur óf piesangmuffins of piesangbrood te maak.
- * As jy piesangs koop, kyk vir mooi egalige geel piesangs wat geen swart vlekke op het nie.
- * Breek die piesangs van mekaar af. As hulle almal aan die stam bly, word hulle vinniger ryp.
- * Groen piesangs wat jy gouer wil ryp hê, kan saam met 'n appel in 'n bruin papiersak geplaas word. Dit sal dan baie vinniger ryp word.
- * Piesangs wat saam met kerrie bedien word, behou hul kleur as hulle óf met suurlemoensap besprinkel word, óf as kookwater oor die ongeskilde piesangs gegiet word. Laat staan vir twee minute, en skil dan af.

Pynappel

- * Rasper 'n pynappel deur dit met skil en al in die lengte in kwarte te sny. Rasper so tot teen die skil.

Suurlemoen & gebruike

- * Citrosoda en suurlemoen maak 'n aangebrande pot sommer vinnig skoon!
- * Die sap van een suurlemoen geklits met die geel van een eier is 'n goeie haarwasmiddel vir ligte hare.
- * Druk 'n suurlemoen met skil en al pap op die roesmerke in 'n bad en laat dit so lank as moontlik aan.
- * Gooi 'n klein bietjie suurlemoensap by om jellie vinniger te laat stol.
- * Gooi suurlemoensap by vleis om dit sag te maak.
- * **Om reuke uit 'n houer te verwyder, gooi ys in die houer, gedoop in skuurpoeier en skud dit in die houer rond. Gooi dan 'n paar suurlemoen- of lemoenskilte in om reuke te verwyder.**
- * Laat lê 'n suurlemoen in warm water voor jy dit uitdruk. Jy sal meer sap kry.
- * Meng asyn en suurlemoenolie om die helfte aan en gooi in 'n spuitbottel vir jou meubels.
- * Neem 'n halwe suurlemoen en skep van die binneste deel uit met 'n lepel. Daar moet bietjie suurlemoen agterbly. Vul met sout en plaas in 'n bakkie agterin die vrieshokkie/yskas.
- * Om hoendervleis sag en sappig te hou, gooi 'n koppie suurlemoensap oor voordat dit gaargemaak word.
- * Om linnegoed wit te maak, sny 'n dik skyf van 'n skoongemaakte suurlemoen. Sit dit saam met die linne in 'n pot as dit gekook word. Die suurlemoen neem al die vlekke uit die linne uit en maak dit mooi wit.
- * Om muwwerige reuke in laaie te verwyder, kan 'n suurlemoenskil in die laai geplaas word.
- * Om rys los en wit te hou wanneer dit gekook word, gooi 'n bietjie suurlemoensap by.
- * Om van slakke ontslae te raak, sit lemoen-, suurlemoen- of nartjieskilte waar die slakke is. Hulle hou nie van die reuk nie.
- * Om vinnig suurroom te maak, neem vars room en voeg 'n bietjie suurlemoensap by. Dit proe die beste indien dit oornag gestaan het.
- * Piesangs wat saam met kerrie bedien word, behou hul kleur as hulle met suurlemoensap besprinkel word of kookwater oor die ongeskilte piesangs gegiet word. Laat staan vir twee minute, en skil af.

- * Raak ontslae van sterk en onaangename kosreuke wat aan 'n kerfplank kleef deur dit met 'n halwe pomelo of suurlemoen te vryf en dan af te spoel..
- * Sit 'n stukkie suurlemoen neer waar miere in die huis pla of loop.
- * Sit 'n stukkie suurlemoenskil of bietjie suurlemoensap in die water as jy blomkool kook. Dit hou die blomkool mooi wit.
- * Skep natuurlike ligstrepe in blonde hare: Vul 'n sproeibottel met twee derde koppie Vodka en een derde koppie suurlemoensap. Sproei aan klam hare, gaan uit en spoel eers die aand af.
- * Strooi dadelik sout oor ink wat op wit materiaal gemors is en vryf met 'n suurlemoen daaroor. Spoel die materiaal dan dadelik af en was soos gewoonlik.
- * Suurlemoen en koeksoda werk beter as Handy Andy.
- * Suurlemoen gemeng met koeksoda maak gevekte tande mooi wit.
- * Suurlemoensap sal hande wat deur groente gevekt is, weer mooi wit maak.
- * Verwyder nikotienvlekke van jou hande met suurlemoensap.
- * Voeg 'n bietjie gerasperde suurlemoenskil by aartappelslaai vir 'n pikante smaak.
- * Voeg 'n halwe teelepel suurlemoensap by room om dit baie gouer mooi styf te klop.
- * Voeg suurlemoensap by die water as jy 'n aartappel met skil en al kook. Die aartappel sal wit wees en jou potte sonder vlekke.
- * Vryf 'n halwe suurlemoen gedoop in sout oor die strykyster se strykvlak om dit mooi skoon te maak.
- * Vryf jou silwer juwele met 'n halwe suurlemoen en spoel af.
- * Vryf koper blink met 'n sout-en-suurlemoenmengsel.
- * Vryf messe met suurlemoensap mooi blink.

Wyn

- * As jy wit wyn bedien, maak ten minste 'n uur voor bediening oop, plaas die kurk liggies terug en verkoel in die yskas.
- * Gooi dadelik sout op witwynvlekke.
- * Indien 'n kurkprop nie wil pas in die bottel nie, plaas die prop in kookwater tot sag en probeer weer.
- * Maak 'n bottel rooiwyn so 'n uur of twee voor bediening oop sodat dit eers kan asemhaal.
- * Maak vonkelwyn oop net voordat jy dit bedien om te voorkom dat dit verslaan.

Jou kind is toe nooit “stout” nie

In navorsing wat reeds deur verskeie kundiges gedoen is, is bevind dat kinders, en meer spesifiek tieners, in September en Oktober meer geneig is tot selfdood¹. In baie gevalle vind so 'n ongelukkige voorval plaas omdat kinders weens verskeie redes geboelie word of omdat hulle sukkel om sekere toestande in hul lewe te hanteer. So dikwels is dit weens fisiese of psigiese toestande, wat dit klaar vir 'n kind moeiliker maak om in 'n wêreld te funksioneer wat die “volmaakte” as die norm stel. Indien iemand dus nie in daardie prentjie pas nie, word hulle maklik die teken van boelies.

Meer kinders ly ook deesdae aan depressie of ander gemoedsteurnisse en die feit dat die mensdom toenemend op sy kop gedraai word en om oorlewing moet sukkel, maak dit ook nie makliker vir ons jeug nie. Hulle hoor en sien mos hoe “deurmekaar” die ou wêreld daar buite is.

In hierdie artikel wat ons van die webblad www.wie-is-ek.co.za gaan leen het, fokus ons op 'n paar gediagnoseerde toestande se simptome. So dikwels sien ons die gedrag en optrede by kinders, en word hulle bloot afgemaak as stout of wanaangepas of dwars, sonder dat ons besef waardeur ons kinders gaan.

Daar word toenemend eerder van selfdood as van selfmoord gepraat omdat “selfmoord” op 'n misdaad (moord) dui. Mense wat deur so 'n ongelukkige gebeurtenis geraak is, voel dat meer sensitiwiteit aan die dag gelê moet word, en verkies dus die term “selfdood”.



AANDAGAFLEIBAARHEID/HIPERAKTIWITEIT (ADHD)

ADHD is 'n probleem wat kinders se ontwikkeling benadeel. Die kern van die probleem is dat die kind se aandag maklik afgelei word of dat oormatig hiperaktiewe gedrag hom verhoed om op 'n taak te konsentreer. Dit kan ook 'n



HULP IN SUID-AFRIKA

Attention Deficit and Hyperactivity Support Group of South Africa: www.adhasa.co.za

kombinasie van albei wees. 'n Gebrek aan konsentrasie lei daartoe dat die kind nie in staat is om nuwe dinge aan te leer of inligting in te neem nie, en dit vertraag sy intellektuele ontwikkeling.

ADHD kom by sowat 8% van alle kinders voor en byna vyf keer meer seuns as meisies word daarmee gediagnoseer. Simptome kan reeds van vroeg af waargeneem word en as dit nie goed bestuur word nie, kan dit tot in die laat tienerjare en selfs tot in volwassenheid voortduur.

Die spesifieke oorsake van ADHD is onseker, maar daar word algemeen aanvaar dat genetica die grootste oorsaak is. Hierby kan dieet, asook die sosiale en fisiese omgewing van die kind, 'n rol speel. ADHD kan suksesvol behandel word, en normaalweg word 'n kombinasie van medikasie en 'n gedragsprogram voorgestel.

Ly jou kind aan ADHD?

Die volgende simptome is 'n aanduiding, gegrond op die *Diagnostical and Statistical Manual of Mental Disorders*, wat wêreldwyd aanvaar word as die gesaghebbendste bron. Let asseblief daarop dat 'n amptelike diagnose slegs deur 'n gekwalifiseerde persoon gemaak mag word.

Om vas te stel of jou kind aan ADHD ly, moet hy **ses** (of meer) van óf 1) Aandagafleibaarheid- óf 2) Hiperaktiwiteit/Impulsiwiteit-simptome toon. Simptome moet vir ten minste ses maande voorkom en nie algemeen wees vir die ontwikkelingsouderdom van die kind nie.

1) Aandagafleibaarheid

- Sukkel om aandag te gee aan detail, of maak agterlosige foute met huiswerk of ander aktiwiteite.
- Sukkel om aandag te behou met take of spel.

- Wek die indruk dat hy nie aandag gee wanneer iemand met hom praat nie.
- Voltooi nie sy huistake en/of huiswerk nie.
- Sukkel om take en aktiwiteite te beplan en te organiseer.
- Vermy take, of weier om take te verrig wat aanhoudende konsentrasie vra.
- Verloor gereeld dinge wat nodig is om take te voltooi, byvoorbeeld boeke, speelgoed, penne, ensovoorts.
- Aandag word maklik afgetrek deur ander gebeure rondom hom.
- Gereelde, daaglikse vergeetagtigheid.

2) Hiperaktiwiteit/Impulsiwiteit

- Vroetel gedurig, of kan nie stil sit nie.
- Verlaat gereeld sy/haar sitplek in 'n klaskamer as dit nie nodig is nie.
- Hardloop rond of klim en klouter in situasies waar dit nie toepaslik is nie.
- Sukkel om rustig alleen te speel.
- Is gedurig "aan die gang" en "aan die beweeg".
- 'n Konstante, oormatige gepraat.
- Tree impulsief op.
- Blaker dikwels antwoorde uit voordat die vraag klaar gevra is.
- Sukkel om sy/haar beurt af te wag.
- Onderbreek gereeld ander se gesprekke.

Sommige simptome is voor die ouderdom van **sewe** teenwoordig.

Sommige simptome kom in **twee** of meer situasies voor, byvoorbeeld by die skool en in die huis.

Daar moet duidelike tekens wees dat jou kind meer as die ander kinders by die skool sukkel om sosiaal aan te pas.

OBSESSIEF-KOMPULSIEWE VERSTEURING

Obsessief-kompulsiewe versteuring is 'n vorm van angsversteuring. Dit word gekenmerk deur gedagtes wat hulself oor en oor herhaal en ongemak, afwagting, vrees of kommer tot gevolg het. Deur herhalende gedrag wil die persoon probeer om die angs minder te maak. Algemene simptome is 'n obsessie met higiëne (hande word byvoorbeeld herhaaldelik gewas), herhaalde seker maak dat sekere dinge reeds gedoen is (dat die voordeur byvoorbeeld gesluit is), oormatige versameling van items, beheptheid met seksuele, gewelddadige of godsdienstige gedagtes, 'n afsku in sekere syfers, en senuweeagtige rituele (byvoorbeeld om 'n deur eers drie keer oop te maak voor hy/sy 'n vertrek binnegaan).

Hierdie rituele neem baie tyd in beslag en veroorsaak herhaalde emosionele en finansiële probleme. Deeglik bewus van sy/haar eienaardige gedrag en dat dit vir ander mense "vreemd" of "psigoties" mag lyk, maak sy/haar gedragsimptome die persoon net meer angstig. Obsessief-kompulsiewe versteuring affekteer mense op alle ouderdomsvlakke, maar begin gewoonlik tydens adolessensie. Tot een uit 200 tieners word hierdeur geaffekteer.

Omdat dit 'n angsversteuring is, kan obsessief-kompulsiewe versteuring gewoonlik effektief met medikasie behandel word. 'n Huisdokter of enige algemene praktisyn is gewoonlik 'n goeie begin. Indien moontlik, is dit raadsaam om 'n psigiater te gaan spreek. Psigiaters is spesiaal opgelei om hierdie simptome te behandel.

HULP IN SUID-AFRIKA

Obsessive-Compulsive Association of SA
Tel. 011 786-7030, faks 011 786-5866

Wanneer ly 'n tiener aan obsessief-kompulsiewe versteuring?

Die volgende simptome is 'n aanduiding, gegrond op die *Diagnostical and Statistical Manual of Mental Disorders*. Let asseblief daarop dat 'n amptelike diagnose slegs deur 'n gekwalifiseerde persoon gemaak mag word.

Om diagnoseerbaar te wees, moet daar 'n herhalende patroon van beheptheid met ordelike, perfeksionisme en sielkundige beheer wees. Hierdie patroon moet van so 'n aard wees dat dit die persoon se algemene aanpassing en effektiwiteit belemmer en ten minste vier of meer van die volgende simptome insluit:

- Beheptheid met besonderhede, reëls, orde, struktuur en skedules, met die gevolg dat die oorspronklike doel van die aktiwiteit verlore gaan.
- Perfeksionisme wat inmeng met die voltooiing van take (byvoorbeeld 'n projek wat nie kan voortgaan nie, omdat "alles nie reg is nie").
- Oormatige toewyding aan werk en produktiwiteit (nie om ekonomiese redes nie), tot die punt waar vrye tyd en vriendskappe verlore gaan.
- Oormatige pligsgetrouheid, voorbeeldigheid en onbuigsamheid oor morele aangeleenthede.
- Onvermoë om ongebruikte of verouderde artikels weg te gooi, selfs al het hulle geen sentimentele waarde nie.
- Huiwering om te deleger of saam met ander te werk, tensy hulle presies soos hy/sy te werk gaan.
- 'n Suinige benadering tot die spandering van geld, op self en ander.
- Ongewone rigiditeit en hardkoppigheid.



DWELMAFHANKLIKHEID EN VERSLAWING

Die persoon wat aan dwelmafhanglikheid (soms ook dwelmverslawing genoem) ly, voel dat hy/sy dwelms (alkohol ingesluit) móét gebruik om normaal te kan funksioneer. Wanneer hierdie dwelm(s) nie beskikbaar is nie, ervaar die persoon onttrekkingsimptome.

Afhanklikheid kan gediagnoseer word wanneer 'n persoon aanhou om alkohol of ander dwelms te gebruik ten spyte van die persoonlike, fisiese en interpersoonlike probleme wat dit veroorsaak. Aanhoudende gebruik lei tot 'n fisiese toleransie, wat veroorsaak dat ál meer gebruik moet word om dieselfde effek te verkry.

Dwelmafhanlikheid kan gediagnoseer word met of sonder fisiese afhanklikheid. Navorsing toon dat diegene wat vroeg met dwelmgebruik begin (14 jaar en jonger), waarskynlik ernstige probleme met dwelmgebruik sal ontwikkel. Dit geld vir alle vorms van dwelmmisbruik, maar spesifiek ten opsigte van alkohol. Afgesien daarvan dat dwelmmisbruik in Suid-Afrika van die hoogste in die wêreld is, toon huidige navorsing dat dit meer dikwels onder tieners voorkom. Tot 10% van tieners kan diagnoseerbaar wees met dwelmafhanlikheid.

Die mees algemene oorsake van dwelmgebruik onder tieners is nuuskierigheid (en daarom eksperimentering), verkrygbaarheid van dwelmmiddels, behoefte aan aanvaarding van die portuurgroep, lae selfbeeld, neerslagtigheid, angstigheid, verveeldheid en gebrek aan selfvertroue.

Gedragsveranderinge wat met dwelmgebruik in verband gebring kan word, sluit die volgende in:

- * Ongewone of vreemde gedrag wat van die norm verskil.
- * Kom onder die invloed van alkohol by die huis aan.
- * Verlies aan belangstelling in leer- en skoolaktiwiteite.
- * Verlaging in punte; gereelde stokkiesdraai.
- * Toenemende probleme met ander kinders of onderwysers by die skool.
- * Woede teenoor en irritasie met ouers.
- * 'n Afname in verantwoordelike gedrag, byvoorbeeld die afhandeling van huistake.
- * 'n Nuwe groep vriende.
- * Verandering in fisiese voorkoms, byvoorbeeld rooi oë.
- * Verandering in eet- en slaappatrone.

HULP IN SUID-AFRIKA

Narcotics Anonymous www.na.org/za 083 900 6962

Alcoholics Anonymous www.aasouthafrica.org.za

Wanneer ly 'n tiener aan dwelmafhanlikheid?

Die volgende simptome is 'n aanduiding, gegrond op die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*. Let asseblief daarop dat 'n amptelike diagnose slegs deur 'n gekwalifiseerde persoon gemaak mag word.

Om diagnoseerbaar te wees, moet die volgende simptome voorkom:

A. Afhanlikheid: Drie of meer van die volgende simptome binne 'n 12 maande periode:

- Toleransie; toename in gebruik van die middel, met vermindering van die effek.
- Fisiese onttrekkingsimptome; as die dwelm dan gebruik word, verdwyn die onttrekkingsimptome kortstondig.
- Die middel word in groter maat en vir langer tydperke gebruik as wat aanvanklik beplan was.

- Konstante behoefte of onsuksesvolle pogings om dwelmgebruik te staak.
- Baie tyd en energie word bestee aan die verkryging en gebruik van die dwelm, asook aan die herstel daarvan.
- Belangrike sosiale, werk- of vrytyd-verpligtinge word verwaarloos of algeheel opgegee.
- Gereelde gebruik, ten spyte van die bewustheid van die gevare.

B. Misbruik: Een of meer van die volgende simptome binne 'n 12 maande periode:

- Aanhoudende gebruik wat lei tot die onvermoë om belangrike take by die werk, skool of huis te vervul.
- Aanhoudende gebruik in fisies gevaarlike situasies (byvoorbeeld alkohol en bestuur).
- Herhaalde regsprobleme as gevolg van dwelmgebruik.
- Voortdurende gebruik ten spyte van sosiale of interpersoonlike probleme wat deur die gebruik veroorsaak word.

ALGEMENE ANGS

Angs is iets wat almal van ons in sekere stadia van ons lewe ervaar. Die meeste mense is verleë of selfbewus wanneer hulle so voel, gewoonlik omdat hulle nie die rede vir die gevoel begryp nie. Die aanwesigheid van angs in sekere situasies is alledaags en gesond. Mense ervaar normaalweg 'n mate van angs tydens nuwe, uitdagende of gevaarlike situasies.

Gesonde angs maak 'n persoon gereed om hierdie situasies beter te kan hanteer, deurdat die liggaam meer adrenalien in die spiëre spuit, jou hart vinniger laat klop en jou visie vernou.

As die liggaam egter hierdie angs "oordryf" of meer gereeld laat voorkom as wat nodig is, praat ons van algemene angsversteuring.

Gesonde angs gaan oor in 'n angsversteuring wanneer dit 'n mens se lewe negatief begin beïnvloed, soos om jou produktiwiteit te verminder en te veroorsaak dat jy nie soos vroeër kan funksioneer in jou alledaagse lewe nie. Die versteuring word gediagnoseer op grond van die hewigheid en duur van die angs, asook volgens besondere kenmerke wat saam met die angs voorkom. Normaalweg gaan dit gepaard met fisiese simptome soos hartkloppings, sweet, gejaagde gedagtegang, innerlike bewing, die behoefte om te vlug, duiseligheid, asemhalingsprobleme, pyne in die bors, maagkrampe en hoofpyn.

Persone wat aan algemene angsversteuring ly, het dikwels ook 'n swak selfbeeld en is besonder sensitief vir kritiek, verwerping of om geïgnoreer te word. Hulle beskik gewoonlik oor swak hanteringsvermoëns en is geneig om tot uiterstes te gaan om situasies wat hulle angstig maak, te vermy. Ongeveer 25% van 13- tot 18-jariges kan diagnoseerbaar wees met algemene angsversteuring, en dit kom ook meer by meisies as by seuns voor.

Omdat angsversteuring se simptome fisies van aard is, kan dit gewoonlik suksesvol behandel word, maar dan word professionele behandeling vereis. Die toestand klaar selde vanself op.

Die eerste stap is medikasie wat voorgeskryf word deur

'n huisdokter of psigiater, of as jy dit nie kan bekostig nie, deur 'n mediese praktisyn by enige algemene hospitaal se ongevalle-afdeling. Saam met medikasie, is hulp en ondersteuning deur 'n kliniese sielkundige, opgeleide berader, of selfs deur 'n geestelike leier of betroubare berader in jou gemeenskap, uiters belangrik om hierdie versteuring te behandel.

HULP IN SUID-AFRIKA

www.sadag.org, tel. (011) 262-6396

Wanneer ly 'n tiener aan algemene angs?

Die volgende simptome is 'n aanduiding, gegrond op die *Diagnostical and Statistical Manual of Mental Disorders*. Let asseblief daarop dat 'n amptelike diagnose slegs deur 'n gekwalifiseerde persoon gemaak mag word.

Om diagnoseerbaar te wees, moet drie of meer van die volgende simptome vir ten minste ses maande chronies voorkom:

- Rusteloosheid; op die "edge"-gevoel
- Moegheid of uitputting
- Onvermoë om te konsentreer
- Geïrriteerdheid
- Spiersametrekkings
- 'n Abnormale slaappatroon – slaap óf te veel óf te min
- Die simptome moet nie die gevolg van fisiese probleme, soos siekte of die gebruik van dwelmmiddels, wees nie.

ANGS!



FOBIE

Fobie is deel van angsvreterings en word gekenmerk deur 'n volgehoue vrees vir 'n objek of situasie wat nie normaalweg gevaar inhou nie. Die persoon wat daaraan ly, beseft gewoonlik self dat die vrees ongegrond is, maar sal tot uiterstes gaan om die objek of situasie te vermy. As die gevreesde objek of situasie (byvoorbeeld 'n spinnekop of 'n vergadering) nie vermy kan word nie, ontstaan intense ongemak of angs. Dié reaksie maak dit vir die persoon onmoontlik om sy/haar huidige aktiwiteite te voltooi. Fobies word oor die algemeen in drie kategorieë verdeel:

Sosiale fobie: Vrees vir ander mense of sosiale situasies. Die persoon is byvoorbeeld skaam om deur ander raakgesien te word en skram weg van openbare situasies of gesprekke met ander.

Spesifieke fobie: Vrees vir 'n spesifieke iets, byvoorbeeld spinnekoppe, hoogtes, slange, engtes, ensovoorts. Die meeste mense ervaar 'n mate hiervan, maar mense met volledige fobie sal enigiets doen om hierdie dinge te vermy.

Agorafobie: 'n Algemene vrees om jou huis of 'n spesifieke "veilige" area te verlaat, met moontlike paniekaanvalle wat daarop kan volg. Hierdie angs kan ook aangevuur word deur spesifieke fobies soos vrees vir kieme, openbare winkelsentrums, ensovoorts.

Oor die algemeen kan die aanvang van fobies in die tienerjare waargeneem word, veral vanaf 13-jarige ouderdom. Na beraming ly sowat 15% van alle tieners aan die een of ander fobie.

FOBIE!



HULP IN SUID-AFRIKA

www.sadag.org, tel. (011) 262-6396

Wanneer ly 'n tiener aan 'n fobie?

Die volgende simptome is 'n aanduiding, gegrond op die *Diagnostical and Statistical Manual of Mental Disorders*. Let asseblief daarop dat 'n amptelike diagnose slegs deur 'n gekwalifiseerde persoon gemaak mag word:

- Om diagnoseerbaar te wees, moet daar 'n **herhalende patroon** wees van duidelike en aanhoudende irrasionele vrees wat geaktiveer word deur 'n spesifieke objek of situasie (byvoorbeeld diere, inspuiting, vlieg). Blootstelling aan hierdie situasie of objek veroorsaak onmiddellike angs wat fisies waarneembaar is (byvoorbeeld huil, paniekaanval).
- Die persoon beseft dat sy/haar angs irrasioneel is (behalwe by kleiner kinders).
- Die situasie of objek word met intense angs en stres verduur.
- Pogings om die gevreesde situasie of objek te vermy, meng op daardie oomblik in met die persoon se sosiale funksionering.
- By individue onder 18 jaar moet dit minstens ses maande lank voorkom.



NOW AVAILABLE AT YOUR NEAREST **vkb** BRANCH
YKB LANDBOU BPK

Farm dog

TM

PRODUCT REGISTRATION No. V20847
ACT 36 of 1947



Adult Maintenance

Scientifically formulated and balanced by a qualified nutritionist

CONTAINS:

- * No artificial colourants or flavourants
- * Lysine - an essential amino acid for dogs
- * Zinc - for improved skin integrity and a beautiful coat
- * Copper - For improved coat colour
- * All essential mineral and Vitamins

80%
FAT

A member of



Complete & Balanced dog food for all sizes and breeds





Norman Masia, branch manager at Venda depots

NTK in Venda has been divided into two branches: the main branch at Thoyandou and then all the depots in Venda functioning as one branch but still individually managed and accounted for.

Norman Masia is now Branch Manager of Venda Depots while Willie Els is manager of NTK Farmers. For Norman this is a dream come true. He grabbed the opportunity with both hands and is working hard to make a success of it.

Norman grew up in a rural area in Venda as part of a poor family. He matriculated at Ratshilunela Secondary School with good results at the top of his class. He speaks five languages and his Afrikaans is excellent because he likes speaking Afrikaans. In 2011 Norman was appointed assistant branch manager at Venda by Wynand Benadie and the late Gerhard Swart. At first he worked at the main branch and depots getting to know the business and the customers very well.

In the years he has been with NTK, Norman has used every opportunity to gain more knowledge and to improve himself. He did the Batho Pele Leadership course as well as the advanced course. He also did the "BOP".

Norman is a motivated young man, adamant to make a success in life. He wants to be a winner. He is an example to many. Norman says the VKB group gives people the opportunity to grow but one has to grab the opportunity and implement the knowledge that you gain from training and courses.

Alldays altyd 'busy days'

As jy 'n dekade gelede op Alldays aangedoen het, en jy kom vandag weer daar, sal jy skaars kan glo dit is dieselfde plek. Die dorp het geweldig uitgebrei oor die laaste paar jaar. Myne in die omgewing is grotendeels die rede hiervoor. Hoewel van die myne in die omgewing nou mense afgelê het, bly dit 'n bedrywige klein dorp. Met al die bouery op die dorp skep NTK baie besigheid en so bly hulle besig, besig, besig.

Thys Human is sedert Augustus verlede jaar aan stuur van sake by NTK Alldays. Hy het in Desember 2012 by die tak begin werk en is later bevorder tot takbestuurder op Trichardsdal. Nadat Christoff Smit die bestuur van Polokwane oorgeneem het, het Thys teruggekom Alldays toe.

Baie dinge het die afgelope paar jaar by die tak gebeur. Daar was die nuwe stoor, die ingang wat

verbeter is, die mooi tuine wat aangelê is, die netjiese omheining en die terrein is geplavei. Binne in die winkel is toonbanke geskuif, lugversorgers is geïnstalleer en 'n koelkamer ingesit vir die verkoop van hoender. Dit alles het bygedra tot die vooruitgang van die tak.

Thys se positiewe gesindheid is aansteeklik en die goeie span wat Alldays vorentoe vat, deel sy opgewondenheid oor die toekoms. Vir Thys is dit alles genade wat hulle elke dag ontvang en met harde werk wil hulle Alldays van krag tot krag neem.



Thys Human voor die pragtige Alldays-tak.

Om reëls te respekteer

Om seker te maak mense in senior poste hanteer dissiplinêre verhore op die regte manier, is daar onlangs opleiding in dié verband by hoofkantoor aangebied. Dit was van groot waarde vir diegene wat dit bygewoon het. As iemand doelbewus fouteer of nalatig optree, sal daar teen hom opgetree word – volgens die boek!

Settlers Silo se mense

Behuising

Die behuising van die personeel van Settlers Silo is onlangs opgegradeer en dit lyk baie goed. Dit is mooi skoon uitgeverf en kamers verdeel sodat minder mense 'n kamer hoef te deel. Die ablusiegeriewe is oorgedoen en die gemeenskaplike kombuis verbeter. 'n Gesellige braaiarea is gebou vir diegene wat 'n vleisie op die kole wil gooi.



Franco saam met Joseph en Phineas by die woonkwartiere.



Welkom Surina

Surina Swanepoel is die nuwe administratiewe dame wat by Settlers Silo aangestel is. Sy is soos 'n welkome vars briesie daar en werk baie lekker saam met die bedagsame manne van die silo.

Graan gee leiding

NTK se graanbemarkers sien om na die belange en behoeftes van die graanboere in Limpopo. Dit is belangrik om inligting betyds aan graanboere te voorsien sodat boer en organisasie kan saamwerk tot voordeel van beide partye.

Daar is onlangs weer 'n geleentheid geskep vir graanboere om by twee strategiese punte die manne van NTK Graan te ontmoet en persoonlik vrae te kon stel. Die eerste het op Settlers plaasgevind en die ander een op Roedtan.

Beide geleenthede is goed bygewoon wat getuig dat die boere waardevolle inligting bekom. Ná 'n goeie voorlegging deur Herman Smit en Jeandre Potgieter oor die marktendense en vooruitskattings, het Gert du Bruin oor silokapasiteit gepraat.



Gert de Bruin, Diederik Britz, Petrus van der Merwe, Ferdi Smith en Lardus Erasmus.

Because we care

NTK is aware of its social responsibility towards the people of Limpopo Province. That is why more than a dozen schools benefit from NTK in various ways. NTK also acknowledges the fact that the youth is the future and regard these donations as an investment in the future.

Schools in and around Phagameng, a township of Modimolle, had a school name board erected, fencing improved and got brand new playground equipment for early development.

To see the children playing on these slides and swings are heartwarming. The teachers are grateful for NTK's help and the parents can be at ease knowing their children's development is assisted by the generous donations of NTK.



Itelereng Crèche is one of the crèches that has benefitted from NTK's involvement.

Messina betrokke

NTK Messina het die eerstespan-netbaldogters van Louwtjies se klere geborg. Die span vaar uitstekend en hou NTK se naam hoog. Hulle was baie bly oor die borgskap en het hul dank en waardering in die koerant uitgespreek. NTK is ook trots om gekoppel te word aan hierdie wenspan.



Cobus en Annemarie staan hier saam met die span en hul afrigter.

NTK reaches out

Liezl Britz organized food supplies and blankets to be distributed to children at different crèches. NTK also reached out to the elderly shortly before winter arrived in full force.

People from Administration helped with the packing and presenting of the food and blankets because they also want to be part of the outreach to people in need.

The teachers of the various crèches were very grateful and expressed their appreciation towards NTK. For NTK it is a privilege to help the communities of Limpopo.



Food and blankets were distributed to communities of Limpopo.



Africa Day

Africa Day is the annual commemoration of the 1963 founding of the Organization of African Unity (OAU), presently recognized as the African Union (AU). The African Union, comprising of 53 member states, has brought together the continent of Africa to collectively address the challenges it has faced, such as armed conflict, climate change, and poverty. NTK Polokwane celebrated Africa Day on the 25th of May as did many other across the continent. To get into the mood of Africa Day, they dressed in traditional African clothes – to the delight of the customers. And they all looked stunning! This emphasizes the importance of the motto of this day: "Towards a United, Peaceful and Prosperous Africa".



NTK Polokwane really celebrated Africa Day!

Academy gee opleiding

Die waarde van produkopleiding in die winkel kan nooit onderskat word nie. Hier voel personeel tuis en kan hulle vrae aan die verskaffer stel wat dalk nie in groepverband sou gebeur nie. Academy Brushware het onlangs opleiding by verskeie handelstakke gegee. Op Alldays het die personeel baie baat daarby gevind om al die kennis op eie bodem te ontvang.



NTK Polokwane really celebrated Africa Day!

Agrinet borg Modimolle GPF

Die werk wat die Gemeenskapspolisieringsforum verrig kan nooit oorskot word nie. Behalwe dat hulle misdaad bekamp, sorg hulle vir gemoedsrus in 'n tyd en plek waar misdaad gedy. Die GPF bestaan uit vrywilligers en maak staat op hul lede om befondsing te doen. Daarom is enige skenking altyd baie welkom. NTK Nylstroom het onlangs Agrinet genader om ligte aan die GPF te skenk. Marius Loubser het dadelik ingewillig en 'n dosyn flitsligte geskenk. Hans van Agrinet het die ligte aan Michael van der Merwe oorhandig en hy en Wynand Benadie het dit weer aan Koos Pretorius, voorsitter van die GPF, oorhandig.



Wynand Benadie, Koos Pretorius en Michael van der Merwe.

Ferdi du Toit: bestuurder Letsitele

Baie welkom aan Ferdi du Toit wat aangestel is as takbestuurder van Letsitele. Ferdi het in Vryheid grootgeword en gematrikuleer. Ná skool het hy voltyds BSc Agric op Kopsies studeer. Nadat sy studies voltooi is, raak hy betrokke by verskeie landbou-organisasies waar hy in die handelsafdeling werk. Vir 10 jaar is hy takbestuurder by verskeie takke. Hy werk later as kredietbestuurder voor hy by vervoermaatskappy betrokke raak.



NTK betrokke by WRSA-opleiding

WRSA het onlangs opleiding aan werkers in die wildbedryf by Castle De Wild in Modimolle gehou en NTK was betrokke. Verskeie verskaffers het deelgeneem om aan die werkers belangrike inligting rakende allerlei sake te gee. NTK-bemarker Cornel Janse van Vuren het dit namens

NTK Nylstroom gekoördineer. Meer as 200 werkers is in groepe verdeel en het om die beurt by NTK se stalletjie aangedoen waar hulle vir ongeveer twee ure vertoef het.



Cornel Janse van Vuren saam met Schalk van Agrinet en ander verskaffers.

Oesdagfees

Agri Tuinplaas, die Boerevereniging van Tuinplaas/ Nutfield-omgewing het onlangs 'n Oesdagfees aangebied. Dit was meer 'n sosiale geleentheid vir boere om saam te kuier.

NTK en ander verskaffers aan die boere was ook teenwoordig. NTK het 'n netjiese stalletjie opgeslaan en boere het graag kom dagsê.

Die dag is aangebied op NTK se gronde te Nutfield. Johan du Preez, bestuurder van Nutfield-silo het gasheer gespeel terwyl Johnny Erasmus van Settlers-handelstak die stalletjie gereël en beman het. NTK se verskaffers het weer fluks deelgeneem.



Goeie span by Polokwane Meg

Van so ver as Botswana en Zimbabwe kom klante na Pietersburg Meganisasie toe want die woord loop ... hier kry jy kookwaterdiens. Diens is Pietersburg Meg se prioriteit en hulle los probleme op vir die boere en ander klante. Geen wonder die mense kom terug nie! Charl Crause is die nuwe dieselwerktuigkundige (Foto).



Volgens bestuurslid Marius van Niekerk, Johnny en voorsitter Nets Turvey was die dag 'n groot sukses.



50% Afslag

op jou volgende rekening by WATASHI SPUR Bethlehem

Tel op jou selfoon en skakel **058 303 7557**.

Maak dan 'n bespreking by Watashi Spur (Bethlehem) vir enige Dinsdag in Augustus of Oktober onder die naam 'VKB'.

Spring op die dag in jou motor en jaag na die Mall in Bethlehem, waar alles wat jy eet skielik halfprys is.

Moet vir niemand hiervan vertel nie...





VKB Borg o.13 Maluti Hooglandskool-rugbytoer

Wanneer VKB op enige manier in ons jeug, en dus ons, ons kinders en ons land se toekoms kan belê, gryp ons gewoonlik die kans aan, want ons glo in wese daarin om te help waar ons kan.

Toe ons dus te hore kom van die Maluti Hooglandskool, 'n spesiale skool (LSEN) wat spesialiseer in leerlinge met leerprobleme, en dat die meeste van hierdie leerlinge nog nooit rugby gespeel of op toer gegaan het om ons mooi land te sien nie, het ons 'n geleentheid gesien om 'n verskil te maak. Die o.13-rugbyspan, onder leiding van afrigters John Cordier en George Havenga, is op 'n toer na die Suidkus van Natal om onder andere teen ander LSEN-skole wedstryde te speel en ook opvoedkundige uitstappies in die omgewing te onderneem. VKB het 'n bydrae gelewer tot die waar word van hierdie leerders se wense om 'n bietjie van ons mooi land te beleef en die toer het ook sommer as goeie motivering gedien.



NTK Pre-Malelane



VKB Pre-Malelane



Maluti Hooglandskool o.13 toerspan



Malelane

Jaarlikse Malelane

Praktiese riglyne oor veehantering is aan die VKB- en NTK-bemarkers gebied tydens die pre-Malelane opleidings. Daar was 12 bemarkers van VKB en 13 van NTK en elkeen het hul eie pre-Malelane bygewoon.

Die MSD Academy of Learning het van 20 tot 23 Junie in Malelane plaasgevind. Daar het 17 bemarkers van VKB en NTK die opleiding bygewoon.

Die opleiding het in alle erns begin ná 'n gesellige aand by River Cottages waar hulle oorgeslaap het. Dr. Faffa Malan, dr. Tom Strydom en Willem Kleyn het die opleiding aangebied. Die opleiding is voortgesit met 'n besoek aan MSD se proefplaas. Die Donderdag is daar 'n toer deur die Molatek-fabriek gereël.

Almal was dit eens dat dit weer eens 'n baie suksesvolle onderneming was.

Vrystaat Meule versamel vir Ribbons4Rose

Die Vrystaat Meule in Frankfort het besluit om die plastiekskyfies waarmee broodsakkies toegemaak word, en koelrankdoppies te versamel vir die Ribbons4Rose se rolstoelprojek.

Vir elke 450 kg doppies en 25 kg broodsakkieskyfies word 'n rolstoel geskenk.

Petronel Swart van die Meule sê: "Ons is baie trots om deel te wees van die projek en in die proses word ons omgewing ook sommer skoonmaak. Ons sal graag ander takke ook wil uitdaag om ons te help met die projek."

Sy sê almal is baie gretig om te help en hulle het reeds 'n klomp doppies.



Opening van VKB Fuels en VKB Express

Koos Janse van Rensburg, besturende direkteur van die VKB Groep, het die opening van die nuwe VKB Fuels en VKB Express in Reitz waargeneem.

In sy toespraak het hy sy dankbaarheid uitgespreek teenoor almal wat meegehelp het om hierdie onderneming moontlik te maak.

Die doel van die nuwe verwikkeling in Reitz is om 'n diens aan landbou te lewer en insette aan alle landbouprodusente te voorsien. Soos wat dit amper 100 jaar gelede waar was van VKB, is dit steeds vandag waar. Janse van Rensburg het bekend gemaak dat die toekoms nog 'n paar soortgelyke verwikkelinge inhou en dat hierdie net die eerste van 'n reeks vulstasies is.

Dit is 'n groot aanwys vir Reitz. Maak gerus 'n draai by VKB Fuels en VKB Express vir 24 uur per dag diens, brandstof en 'n geriefswinkel.



Die Ysbeertjie-swem

Op 25 Junie het honderde motors weer hul neuse in die rigting van die Bundukamp gestuur vir 'n heerlike 4x4- en natuurlik die jaarlikse Ysbeertjie-dag waar die taaieste en braafstes die yskoue water aandurf om 30 meter te swem.



Paul Boucher, DJ vd Merwe, Chris vd Merwe, Divan Putter (Onderdele bemarker van Petrus Steyn), Drizette Boucher en Danica Boucher (12) het deelgeneem

Die atmosfeer was gelaai met braaivleisgeure en sjerrie, alles ten bate van die Engo wat reeds sedert 1902 maatskaplike dienste aan die Vrystaatse gemeenskap lewer.

Felix Burri het 21 jaar gelede die eerste Ysbeertjie-swem saam met 'n klomp vriende onderneem. Daarna het die belangstelling jaarliks gegroei. In 2015 het daar 416 mense deelgeneem en vanjaar was daar 476 deelnemers.

Felix Burri was weer eens eerste in die water om 12:00 en daarna het al die deelnemers hulle beurt gekry om te wys hoeveel koue hulle kan verduur. Die watertemperatuur was 'n lekker 9 grade Celsius en deelnemers van 12 tot 71 jaar oud het deelgeneem. Petrus Steyn-handelstak se onderdele bemarker, Divan Putter, was vanjaar een van die brawe deelnemers, maar die tak het belowe, volgende jaar skryf hulle 'n hele span in. Watter van die ander takke sien kans vir hierdie uitdaging?

Netbalspelers presteer op streekstoernooi

Die week van 12 tot 15 Julie het die o.19 Thepa Trading-netbal-streekstoernooi op Hennenman plaasgevind. Vanjaar was die vyfde Thepa Trading-netbaltoernooi in samewerking met VKB.

Xhariep Platteland het as die wenners van die toernooi uit die stryd getree met die Oos-Vrystaat Kosmosse in die tweede plek.

Delmari Hoffman van die Lejweleputswa Flaminke is aangewys as die veelsydigste speler van die week. Die span met die beste gees op die baan was sonder twyfel die Xhariep-span. Die span wat die aanskoulikste netbal gespeel het, was die Kosmosse.

Die uitslae van die beste speler in die onderskeie posisies is as volg: Beste doel – Jance van Rensburg (Xhariep); beste hulpdoel – Lebo Montsoe (Lejweleputswa Tigers); beste aanvallende vleuel – Anja du Preez (Kosmosse); beste senter – Flora Ralethoko (Flaminke); beste verdedigende vleuel – Minge van Rensburg (Xhariep); beste hulpdoelverdediger – Suzanne Linde (Kosmosse) en die beste verdediger – Natasha Steyn (Kosmosse).

Baie geluk aan die jong dames. VKB is trots op elkeen wat deelgeneem het en dit bly vir ons 'n groot voorreg om as toegewyde belegger in ons jeug en opvoedkundige instansies in die gemeenskappe wat deel is van ons bediendingsgebied, 'n bydrae tot die aanbieding van die week te kon maak.



Wenspan: Xhariep Platteland

Inligting- en Jaarvergaderings

Inligtingvergaderings •••

1 September	13:00	Modimolle	Weesgerus Vakansieoord
5 September	10:00	Bethlehem	Royal Terrace Guest Lodge
	15:00	Reitz	VKB Opleidingslokaal
	17:00	Letsitele	Letaba Junction
6 September	10:00	Villiers	Sandleem Studiegroepsaal
	15:00	Frankfort	O'Gala Restaurant
	17:00	Vivo	Blouberg Ryskool
7 September	10:00	Warden	Azaria Saal (ou AP Kerk)
	15:00	Vrede	Vrede Gholflklub
	17:00	Baltimore	Boereverenigingsaal

Algemene Jaarvergadering •••

9 September	15:00	Reitz	Mooigelegen
--------------------	-------	-------	-------------

VKB rugbyweke 'n reuse sukses

VKB is die trotse borg van drie rugbyweke wat elke jaar gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie in die Oos-Vrystaat plaasvind. Van 23 Junie tot 1 Julie het daar 34 spanne deelgeneem op Reitz en Frankfort teenoor 30 spanne wat in 2015 deelgeneem het.

Francois Swanepoel, uitvoerende Hoof van VKB Landbou het met die volgende woorde geopen: "Dit is weereens vir VKB 'n besonder voorreg om as hoofborg elke afrigter, speler en ondersteuner te verwelkom. Ons vertrou dat die geleentheid vir blootstelling wat die week aan elke speler bied deur almal aangegryp sal word en dat dit wat hieruit voorspruit al u verwagtinge sal oortref. Seuns, hierdie is 'n ongelooflike voorreg en ek wil julle uitdaag om elke minuut van elke wedstryd net jou beste te gee. Onthou, 'n mens se karakter word gebou nie net deur die manier hoe jy wen nie, maar ook die manier hoe jy verloor. Daarom wil ek julle uitdaag - gee alles met elke wedstryd en as jy aan die einde van die wedstryd dalk nie aan die wenkant is nie, hou steeds jou kop hoog en meer belangrik nog, geniet dit."

VKB bedank elke organiseerder, afrigter, spanbestuurder en elke ower betrokke wat deur toegewyde beplanning en harde werk dit 'n onvergeetlike ervaring gemaak het.



o.13 wenspan: Khosa Western Cubs



o.16 wenspan: Oos-Kaap Platteland



o.19 wenspan: Luijperds Platteland



Snappy Chef[®]

Leiers in Induksie Toestelle

Spaar **50%** op elektrisiteit
en kook **64%** vinniger




**KOOP
NOU**



www.snappychef.co.za

BESKIKBAAR BY

**vkbn
ntk**



WEN

met **Die Pad Saam**

Wees een van die gelukkige lesers wat elk 'n geskenk kan wen deur net die onderstaande vraelys in te vul en te faks na 086 674 6817 of te e-pos na hanneliec@vkb.co.za.



Skryf in 10 woorde, wat die VKB-groep vir jou beteken:

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Snapp Chef
Leiers in Induksie Toestelle

GELUK aan die Junie | Julie-uitgawe se WENNERS

Helene Cordier, Petro Jordaan,
Susan van Zyl, Ruan van Zyl
Charmaine Labuschagne



Charmaine Labuschagne

Watter taal verkies jy?

Afrikaans Engels Albei

Ken 'n punt van 1 – 10 toe aan **Die Pad Saam**

Inhoud Ontwerp en uitleg

Algemene kommentaar

.....
.....

Kontakbesonderhede

Naam & van:
Kontaknr.: Ouderdom
E-pos:

Sluitingsdatum: 10 September 2016



Vinnige Fanie

If you want to put some energy into your farming vehicles, you won't go wrong with TOTAL lubricants. Designed to protect, as well as perform, our oils give your engines a new lease on life. Apologies for the speeding tickets.

RADAR/5757/INT/E



TOTAL

www.total.co.za

The right choice in lubricants.